# HOOFSTUK 2

# DIE KLEIN LANDELIKE GEMEENTES VAN DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA

## 2.1. INLEIDING

### *2.1.1 Doel en fokus van hoofstuk*

Die doel van die hoofstuk is om 'n perspektief te kry op klein landelike gemeentes van die VGKSA se bediening, asook die strukture waarbinne die bediening plaasvind. Omdat dié gemeentes byna sonder uitsondering gewikkel is in 'n stryd om finansiële oorlewing, kan hulle selde 'n eie predikant, hetsy voltyds of deeltyds, bekostig. Daarom is leierskapontwikkeling die primêre fokus van die studie. Maar leierskap is onlosmaaklik gekoppel aan 'n gemeente se bedieningstrukture. Omdat hierdie 'n prakties-teologiese studie is, kom die gemeente vanuit daardie perspektief aan die orde. Daarom is die bediening en kerk-strukture, die bestaanswyse van die kerk en die tentmakerbediening die bril waarmee ons in hierdie hoofstuk na klein plattelandse gemeentes van die VGKSA gaan kyk.

### *2.1.2 Aanbieding van hoofstuk*

Alhoewel die terme *kerk* en *gemeente* soms as wisselvorme geld en uitruilbaar is, sal ek hoofsaaklik die term *kerk* gebruik vir die kerk in die algemeen en *gemeente* vir die kerk op 'n spesifieke plek. So gesien is die gemeente dan die georganiseerde samekoms van gelowiges binne 'n bepaalde kerkverband (Heyns 1993a:158). Die gemeente is die natuurlike tuiste van die bediening wat in en deur strukture funksioneer. As onderdeel van die praktiese teologie staan die bediening in diens van die evangelie as 'n kommunikatiewe handeling.

'n Basisteorie van die bediening wil sistematies beskryf wat die bediening in beginsel is (vgl Hendriks 1992:38). Die begrippe *bediening* en *strukture in die algemeen* kom dus eerste op die tafel. Daarna verskuif die fokus na die *bestaanswyse van die kerk*, asook na *gemeentestrukture*. Laastens kyk ek na die *tentmakerbediening* as eiesoortige

bedieningsvorm binne die bestaande kerklike strukture.

## 2.2 WAT IS BEDIENING?

### *2.2.1 'n Verskraalde bedieningsbegrip*

In die Nuwe Testament word bediening meestal met die woord *diakonia* aangedui - 'n woord waaraan nie waardigheid nie, maar eerder vernedering kleef (Louw 1984:141). Diakonia verwys allereers na die diens of bediening van God in Jesus Christus aan die mensheid (Pieterse 1982a:75). Maar ongelukkig was daar dwarsdeur die kerk se geskiedenis neigings om óf die algemene bediening van die kerk óf die besondere bediening te vergeet of te oorbeklemtoon. Die neiging was veral sterk om die bediening te klerikaliseer (Kritzinger 1979:152).

Ook die woord *bediening* gee soms probleme. Waar ons die begrip *bediening* net gebruik vir die predikant wat in die bediening is, gee ons aan bediening 'n verskraalde betekenis, want dan hoort die bediening net tot 'n klein groepie mense wat die res van die gemeente as leke bedien. Binne hierdie denkskema lê die kiem van oorheersing deur 'n heerser wat oor die leke as onkundiges en oningeligtes heers (Kritzinger 1979:8).

Om die bedieningspraktyk te beskryf, maak Hendriks (1992:13-36) gebruik van vier heersende ekklesiologiese of kerkmodelle.[1] Dié modelle is nie afgelei uit die dogmatiek of belydenisskrifte van denominasies nie. Dit is bloot veralgemenings van bepaalde kerklike tradisies soos dit in die praktyk waarneembaar is en sigbaar word in die optrede van gewone kerklidmate. Hendriks (1992) onderskei die *instituutmodel* wat in die Rooms-Katolieke

1. Hendriks (1992:14-36) gebruik vier ekklesiologiese of kerkmodelle om die bedieningspraktyk te beskryf. Die kensketsende woorde vir *instituutmodel* is beheer-en-regeer, want in alle instituut-modelle oorheers die een of ander bestuur- of regeerstelsel. Die *verkondigingsmodel* kan ook die kerugmatiese of homilitiese model genoem word en is sterk lerend van aard. In terme van sy tidies Suid-Afrikaanse voorkoms kan ons dit as die leer-en-organiseermodel tipeer. Die *liggaamsmodel* verwys direk na die grondliggende metafoor wat die kenmerke van die model goed oordra. In die volksmond is die model al goed gevestig. Die model staan verder ook bekend as die pastoraal-hulpverlenende model, die kommunikasiemodel, die mistiese gemeenskapsmodel en die meditatief-versorgende model. Nood-en-brood sou sy tiperende logo wees. Die *transformasiemodel* beklemtoon verandering en aksie. Dit word ook die kreatief-bevrydingsmodel, die model van die bevrydingsteologie, die diensknegmodel genoem (Hendriks 1992:36).

Kerk domineer; die *verkondigingsmodel* waar Woordverkondiging sentraal staan en vir lank die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se oorheersende model was; die *liggaamsmodel* wat in die Pinkster- en Charismatiese kerke oorheers; en die *transformasiemodel* wat ons veral met die bevrydingsteologie en die ekologiese beweging vereenselwig.

Die kenmerkende van die instituut- en verkondigingsmodelle is 'n piramidale kerkstruktuur met 'n kommunikasiepatroon 'van bo' na onder. Hier is die klem op die amp terwyl die lidmate 'n minderwaardige rol speel. Die kerk onstaan dus óf om die amp óf om die Woord. Só 'n amp- en kerkbegrip moet uiteindelik meebring dat die kerk voeling verloor met die nood en behoeftes van die gewone mense (Hendriks 1992:25).

### 2.2.2 'n Verruimde bedieningsbegrip

Wanneer ons aan die kerk dink as die *volk van God*, en die gemeente raaksien as die *liggaam van Christus*, is ons binne 'n denkskema waar die Bybelse woord *bediening (diakonia)* in sy grondbetekenis van *diens* gebruik word. Dit maak dat elke gelowige as lid van die volk van God binne die kerk as liggaam van Christus 'n bediening het. Nou bedien die predikant primêr die gemeente sodat die lidmate die wêreld kan bedien as dienaars na die voorbeeld van Christus. Binne hierdie denkraam is die amp nou enige amptelike bediening wat enige persoon in die liggaam van Christus verkry (Kritzinger 1979:9). Nou is die begrip *bediening* verbreed, want dit gaan nie meer om een besondere amp nie, maar om die gemeente as geheel. Hendriks (1992:24-35) se liggaam- en transformasiemodelle plaas die amp van die *'gewone'* gelowige weer op die voorgrond. Almal het gawes en elke liggaamsdeel is belangrik. Nou word ons geroep om Christus in sy diensknegkarakter na te volg.

Elke bedieningsvorm het sy oorsprong in God wat die inisiatief neem om in Christus vir 'n gevalle mensheid met liefde op te tree (Jh 3:16). Deur Christus se bediening van die versoening

is God en wêreld versoen (1 Kor 5:18-19; Kol 1:19-20). Na sy hemelvaart sit Christus in en deur sy kerk sy *diakonia* voort deur die werk van die Heilige Gees en deur sy Woord. Christus werk in sy kerk as die Goeie Herder wat sy kinders bearbei (Pieterse 1980:2). Maar deur die werk van die Gees werk Christus ook deur sy kerk as sy liggaam in die wêreld deur die rykdom gawes en bedieninge wat Hy aan sy kerk gee. Gawes en bedieninge is onderling verweef, want bediening sonder charisma is leeg, en charisma sonder bediening is chaoties (Pieterse 1982a:75). Die oorsprong en voorbeeld van die gemeente se *diakonia* is daarom te vinde in Christus se *diakonia* of dienswerk (Nel 1994:34).

Christus verrig sy *diakonia* in die wêreld deur die kerk as sy dienaar. Daarvoor gee Christus ‘n veelheid bedieninge (1 Tim 3:1-13; Ef 4:11-16) soos wat die situasie vereis (Pieterse 1980:3). Die hele bediening bestaan uit al die kommunikatiewe handelinge in diens van die oordra van die evangelie as diens aan die drie-enige God, onderlinge diens aan mekaar, en diens aan die wêreld (Nel 1994:26). Om dit reg te kry, vra die *afgradering van die ampte*, sonder om geestelikheid en waardigheid prys te gee, en die *opgradering van die lidmate* wat verantwoordelikheid en bediening bykry (Louw 1984:75).

Só gesien is die bediening een groot geheel (Nel 1986:17) en ‘n omvattende term wat al die handelinge en handelingsvelde van die praktiese teologie onder die begrip *bediening* tuisbring. Die hele bediening moet daarop gerig wees om die gemeente as gemeenskap van gelowiges op te bou tot ‘n lewende en aktiewe gemeenskap van volwasse Christene (Jonker 1998:32). Oor ‘n verruimde bedienings-begrip kan ons nouliks praat sonder om vlugtig ook iets te sê oor die herontdekking van die amp van die gelowige.

### *2.2.3 Herontdekking van die amp van gelowige*

So ‘n rapsie meer as veertig jaar gelede het Kraemer (1960) sy boek oor “die vergete amp in die kerk” geskryf. Daarin het hy uitgespel die plek en die roeping van die leke, of dan die *gewone* lidmate van die kerk (Heitink 1993:307). Kraemer het baanbrekerswerk gedoen om die besinning oor die bediening van die lidmaat op dreef te plaas (Nel 1994:9, 98). Kritzinger (1979:89) se redenasie sluit aan by Kraemer dat daar streng gesproke nie so iets bestaan soos

die *amp van die gelowige* nie, want hierdie benaming verraai hoe 'amptelik' ons in die kerk dink en dat ons daardeur mense onmiddellik in twee klasse indeel.

Self die begrip *priesterskap van die gelowiges* is beter as die neo-Calvinistiese *amp van die gelowige*, maar selfs dít gaan ook nie heeltemal op nie, want al is dit Bybels (Eks 19:6; Jes 61:6 en veral 1 Pt 2:5, 9) is dit weer op ander maniere vanuit die kerkgeskiedenis gelaai en is dit te eensydig om daarmee die dienswerk van die gelowiges te dek (Louw 1984:78). Al sou ons ook praat van *gewone gelowiges* gee ons daardeur toe dat daar twee klasse in die kerk is, te wete die *gewone* gelowiges en die *buitengewone* gelowiges (Kritzinger 1979:89).

Na sy oorspronklike betekenis wil die woord *leek* die *nie-deskundige* beskryf as iemand sonder spesifieke opleiding in 'n bepaalde vakrigting. Deur die skerp kontras tussen geestelikes en leke is die woord *leek* ook in die kerktaal onbruikbaar, want die *ongeordende staat* word as 'n leemte beskou. Al wat die leek dus in die kerk kortkom, is ordening tot die amptelike bediening van Woord en sakrament (Kritzinger 1979:ibid). Die Griekse woord *laikos* verwys na lidmaatskap van die volk (*laos*). Dit is 'n Bybelse term vir die hele kerk as die *volk van God* en is as sulks 'n eretitel (Heitink 1993:307).

Die kerk of volk bestaan nie uit twee klasse mense nie, want elkeen wat die Naam van Christus aanroep en gered is (Jh 1:12), is lid van die volk, die *laos*. Binne die volk is daar geen *fundamentele verdeling* nie, maar hoogstens *funksionele spesialisasie,* of in Sellers (1978:576) se woorde "a functional and representative role with varying degrees of emphasis" sodat lede van die volk verskillende take goed verrig. Dieselfde afwysing van 'n fundamentele verdeling, maar die aanvaarding van funksionele spesialisasie sou goedskiks vir die liggaamsbeeld geld (Kritzinger 1979:89).

Ampte is gawes aan die gemeente (1 Kor 12:1-11; Ef 4:1-16) en mag daarom nie oor die gemeente heers nie. Nog minder mag die gemeente beskou word as onmondige, onbekwame en onvolwasse mense namens wie die ampte die saak van die koninkryk moet dien. Volgens die Bybel moet alle gelowiges as lede van dieselfde liggaam 'n besondere plek inneem, want

nie een kan gemis word nie. Na die mate van sy gawe dra elkeen by tot die lewe en die groei van die liggaam. ‘n Gesonde verhouding waarin elkeen in sy diens getrou is, is die opdrag van die Bybel (Nel 1982:94).

Die hele gemeente moet by die bediening betrokke wees, want die kerk se enigste hoop vir ‘n innerlike vernuwing én om die wêreld vir Christus te wen, lê by die lidmate. Die Bybel leer baie duidelik in Matteus 5:11-16 dat die gelowiges gesamentlik en elkeen afsonderlik in hierdie wêreld die *lig* en die *sout* (Nel 1982:91) en die *suurdeeg* is (Bosch 1979:76). Om lidmate vir hul taak in die wêreld toe te rus, is daarom van prakties-teologiese betekenis.

Die gemeentes wat ek bedien en waarop hierdie studie fokus, sit in ‘n grot mate nog vasgevang in ‘n verskraalde bedieningsbegrip. Binne hierdie bedieningsbegrip staan die ampte sentraal, veral die amp van leraar. Die lidmate is die grootste bedieningsgroep in die gemeente, maar hul potensiaal word grootliks onderbenut (vgl Doohan 1989:19). Dit lei weer tot passiwiteit. Onderbenutting en passiwiteit van lidmate is die trompetgeskal wat die kerk oproep tot rentmeesterskap van sy menslike hulpbronne. Hieraan moet die kerk voortdurend aandag gee.

Omdat bediening in omvattende sin nie los staan van strukture nie, gee ek voorts aandag aan kerk- en gemeentestrukture.

## 2.3 STRUKTURE

### *2.3.1 Wat is strukture?*

Organisering en struktuurgewing is eie aan die Bybel. Ook vr leierskap gee God strukture. Organisering impliseer dus die skepping van ‘n spesifieke organisatoriese struktuur om *doelverwesenliking* te verseker (vgl Eks 18:13-26)[2] (Andrews 1985:8). Die manier

---

2. Moses het te veel tyd en energie aan hofsake spandeer tot nalate van ander belangrike dinge. Dit het die gevaar van *uitbranding* verhoog, want Moses wou te veel dinge alleen doen. Jetro se suggestie is delegering van die werk aan bekwame manne (Bosman 1999:101; Beers 1988:125). Deur organisering en delegering kon Moses hom toespits om die volk se verteenwoordiger by God te wees. Doelverwesenliking is om te doen waartoe God ons geroep en toegerus het. Ek deel Dyman (1980:97) se siening waar hy skryf: “Delegasie ter wille van die ontwikkeling van ondergeskiktes is ‘n geloofsdaad.” Dit spreek myns insiens ook van

waarop ons 'n gemeente se handelinge organiseer en beplan, het te make met strukture. Heyns (1991:193) wys daarop dat ons in terme van belangrikheid strukture nie met geloofshandelinge kan vergelyk nie, want binne die gemeente as geloofsgemeenskap is die geloofs-handelinge van *prediking, onderrig, viering, sorg* en *diens* primêr en strukture sekondêr. Strukture het te make met die wyse waarop ons dié vyftal geloofshandelinge in die gemeente as geheel organiseer en beplan (Heyns 1992a:347).

Omdat strukture aan geloofshandelinge vorm gee, maak dit strukture onontbeerlik, want selfs die ampte funksioneer binne 'n bepaalde gemeentestruktuur. Ons kan strukture vergelyk met die grondplan van 'n gebou of die skelet van 'n liggaam wat altyd deel is van 'n groter geheel en van die gebeure self. Ook in die ontmoeting tussen God en mens gee strukture gestalte aan die ontmoeting (Heyns 1986:38; 1992a:348). Ons kan strukture breedweg verstaan as die *manier waarop* en *vorme waarin* die gemeente se werksaamhede, asook die gemeente self georganiseer is. Strukture dien dan as kanaal vir die effektiewe funksievervulling van die gemeente ten einde sy doel te bereik (Nel 1994:217). Omdat daar in die kerktaal verskillende soorte strukture is, gee ek oorsigtelik daaraan aandag.

### *2.3.2 Verskillende soorte strukture in die kerktaal*

Die kerk se bedieninge geskied in en deur strukture. Daarom hoor ons in die kerktaal van bedieningstrukture, gemeentestrukture, kerk-strukture, gesagstrukture en organisatoriese strukture. Dit is alles maniere van gemeente-organisasie om die bediening van die versoening tot uitvoer te bring (Pieterse 1980:3). Die kritiese ontleding en beoordeling van kerkstrukture is dus die taak van die praktiese teologie. Waar *bedieningstrukture* klem lê op die strukture van kerklike handelingsvelde, verwys *kerkstrukture* spesifiek na kerke in hul institusionele vorm soos hulle in die verskillende denominasies vergestalt word (Heyns 1991:195). Dit gaan dus hier om die vorm van kerkregering, die manier waarop die kerk georganiseer word, asook die gesagstrukture binne die kerk.

Moses se optrede.

Soms word *kerkstrukture* ook as omvattende begrip gebruik vir *gemeente-* en *bedieningstrukture* (Hendriks 1992:14v). Gemeentes kan juis deur bedieningstrukture hul *doelstellings* bereik. Dit slaan dan op drie aspekte, naamlik (a) die *organisering van die gemeente se gesag-strukture vir die ampte en kerkleiding*; (b) die *kommunikasiestruktuur*; en (c) die *inrigting van gemeentelede se deelname aan die gemeentelike aktiwiteite* (Pieterse 1982a:75).

*Gemeentestrukture* gaan oor die manier van gemeente-organisering, maar dit sluit ook bedieningstrukture in na die mate waarin die bedieninge binne 'n bepaalde gemeente gestalte kry (Heyns 1991:196; Nel 1994:216). Gemeentestrukture is hoe gemeentes hul handelinge en werksaamhede organiseer en beplan (Heyns 1993a:148).

### *2.3.3 Die oorsprong van kerkstrukture*

Oor die kerk en kerkstrukture wys Heyns (1991:200) op drie belangrike sake, naamlik die (a) *Goddelike* én (b) die *wêreldse van die kerk*, asook (c) die *wêreldse van kerkstrukture*. In en deur die menswording van Christus is God die oorsprong van die kerk, en die diepste motivering daarvoor lê in die sonde van die mensheid (Heyns 1977:34). As skepping van die Gees word die kerk die wêreld ingestuur om te dien (Heyns 1993a:159). Die kerk se oorsprong uit die drie-enige God raak nie net die kerk se *begin* nie, maar is dwarsdeur die geskiedenis ook bepalend vir die kerk se *aard*. Weens die kerk se historiese bestaan kan die kerk se beeld met tydsverloop ook verander (Küng 1981:6).

Van die kerk is en bly Jesus onlosmaaklik die *hoof* (Ef 1:10, 22; Kol 1:18), die *fondament* (1 Kor 3:11) en die *hoeksteen* (1 Pt 2:6; Ef 2:20). Deur die Gees is Jesus werklik teenwoordig in die kerk (Mt 28:20). Jesus is die wingerdstok waaruit die lote groei en sonder Hom kan ons niks doen nie (Jh 15:5). Tussen Jesus en sy kerk is daar 'n organiese verband (Ef 4:15-16). Jesus se hoofskap van die kerk én van kerklidmate as mense met hemelse burgerskap (Fil 3:18), maak die kerk en die lidmate draers van vreemde tekens in die wêreld. Die kerk en haar lidmate is pelgrims op reis (1 Pt 1:17; 2:11; Hb 11:13), wat as volgelinge van Jesus nie aan die wêreld behoort nie (Jh 17:14) (Heyns 1991:199).

Maar die kerk is ook *wêrelds*. As God se voertuig word die kerk die wêreld ingestuur om in die wêreld diens te lewer (Mt 28:19; Jh 17:18), want die kerk is inderdaad die enigste organisasie op aarde wat primêr bestaan vir diegene wat nog nie tot die kerk behoort nie (Bosch 1994: 375). Al is God die oorsprong van die kerk, bly die kerk steeds deel van die wêreld (Jh 17:11, 13). As mense woon kerklidmate in die wêreld en is hulle volledig deel van die samelewing (Heyns 1993b:155). Omdat die kerk veral deur die lidmate in die wêreld teenwoordig is, kry die kerk daardeur sigbare gestalte in die samelewing (Heyns 1993a:162).

Omdat die kerk ook binne ‘n bepaalde samelewing funksioneer, word die kerk geraak en beïnvloed deur veranderings in die samelewing (Heyns 1991:200). Vir veranderings in die samelewing kan die kerk nóg blind nóg doof wees, want die kerk is onlosmaaklik en onherroeplik deel van die samelewing (Whitley 1969:52). Alles wat met die kerk en kerkmense gebeur, speel af in die tyd én in die wêreld. Ook ons ontmoeting as mense met God gebeur in die wêreld en in die tyd (Heyns 1991:199).

Die kerk bestaan in die wêreld. Daarvan kan die kerk nie loskomnie, want die kerk is sowel ‘n instelling as ‘n deel van die samelewing. Daarom is daar ‘n *kontekstuele* en ‘n *situasionele* verbondenheid aan die strukture van die kerk (Heyns 1993b:155). Omdat die kerk histories bepaald is, kan ons ook nie van kerkstrukture praat los van die kerk se historiese bestaan nie. God is die oorsprong van die kerk, en Christus is altyd in die kerk teenwoordig, maar hierdie essensie is slegs sigbaar en kenbaar in die kerk se historiese bestaan (Küng 1981:5).

As ‘n instelling van die samelewing word die kerk se strukture deur tyd en omstandighede bepaal. Omdat die kerk en kerkstrukture ‘n historiese en ‘n kulturele gegewe is, en omdat die kerk so deel van die samelewing is, toon dit later trekke van die samelewing. Dit kan nie anders nie, want die kerk funksioneer binne ‘n bepaalde samelewing. Kerkstrukture is dus nie tydlose waarhede wat ons uit die Bybel aflei en net so in elke situasie kan toepas nie (Heyns 1993b:155). Die situasiegebondenheid van talle gemeentestrukture word in die Nuwe Testament onderstreep. Daarom het elke model van kerkwees ‘n eie struktuur. Hieroor skryf Küng (1972:49) so:

> The New Testament data shows that there are various models of *congregational order* and *leadership* in te New Testament which cannot be reduced to one another. The New Testament does not allow us to canonize one congregational structure alone (but) it gives (the church) the freedom to move with the times and be capable of new *developments* and *modifications* of church ministry for the *good of men* and the *congregations*. (My kursivering)

In die bediening van die kerk moet ons altyd daarmee rekening hou dat die wêreld voortdurend verander. Kilian (1977:18) is in die kol as hy skryf dat die kerk altyd oop, gereed en geneë moet wees om binne 'n nuwe historiese en kulturele konteks ook nuwe vorme aan te neem, want die kerk durf nie eksklusief of onlosmaaklik gebind wees aan enige ras, volk, gebruike of leefwyses nie. Groot veranderings in kerkstrukture is met tydsverloop nie net vanselfsprekend nie, maar ook noodsaaklik.

Vir hierdie noodsaaklike veranderings in kerkstrukture gebruik Louw (1980:8) die Bybelse beeld van nuwe wynsakke. Waar die *wyn* van die evangelie altyd nuut bly, verouder die *sakke* of strukture weens veranderende kultuursituasies. Daarom moet nuwe wyn in nuwe sakke gegooi word. Alhoewel kerkstrukture nie op Bybelse fundering aanspraak hoef te maak nie, moet die kerk sy bediening optimaal deur sy strukture kan uitvoer. Die wese van die kerk moet dus tot uiting kom in die strukturering (Pieterse 1991:58).

Vir sinvolle voortbestaan en om funksioneel binne 'n bepaalde situasie te wees, moet die kerk by *veranderde én veranderende omstandighede* aanpas. Een manier waarop dit kan gebeur, is deur herstrukturering, maar dan moet die kerk aan herstrukturering en reorganisasie dink *voordat* die kerk se funksionering in oneffektiewe bedieningstrukture stagneer (Pieterse 1982b:84). Om sekuriteit en vastheid te skep, het die struktuur van die kerk onbeweeglik geword (Heyns 1991:202). Omdat kerkstrukture nie vir eens en altyd vasgestel is nie, mag ons kerkstrukture nooit verabsoluteer nie, want dan verval ons in strukturele fundamentalisme waar die 'ou velsakke' nie die 'nuwe wyn' kan bewaar nie (Mk 2:22) (Nel 1994:217).

### *2.3.4 Kerkstrukture in die Nuwe Testament*

Die Nuwe Testament gee oor kerkstrukture nie sistematiese aanwysings nie. Jesus se uitsprake dui nie op *kerkvorme* nie, maar gaan eerder oor die *werking* van die kerk waar gelowiges sout en lig moet wees (Mt 5:13-16). Soos saad moet die Woord van die Here oral gesaai word sodat daar geloofsvrug in God kan wees (Mt 13:1-23) en dié wat glo, vorm dan 'n nuwe gemeenskap as familie van Christus (Mt 12:49-50). Jesus die Christus is die Seun van God. Dié belydenis is die kerk se fondament (Mt 16:13-19) (Pieterse 1980:25).

Paulus se uitsprake oor kerkstrukture is gemaak wanneer die situasie daarom vra. Wat ons heel eerste by Paulus oor kerkstrukture hoor, is die gereelde samekoms van gelowiges as die spil van die Christelike lewe en waar hulle die liefdesmaal en nagmaal as *tafelgemeenskap* moet beoefen (1 Kor 11:17-35; 14:23-40). Naas die maaltyd is ander aspekte van dié byeenkoms die *prediking* (1 Tim 4:13; 2 Tim 4:2), asook *steun, onderlinge hulp* en *geestelike opbou* (1 Tess 4:14). By hierdie samekoms is die teenwoordigheid van Christus die bepalende element (1 Kor 3:16; 2 Kor 2:17; 5:20; 12:19). Hierdie nuwe gemeenskap dek die hele lewe van die gelowiges (Pieterse 1980:25).

By die dienste in die kerk lê Paulus die klem op die *charismata* of geestesgawes wat Christus en die Heilige Gees gee (Rm 12; 1 Kor 12; Ef 4:7) (Malphurs 1996:60). Uit die rykdom van gawes en bedieninge ontvang elke gelowige 'n gawe, want vir die bediening is die gawe die stimulus en die toerusting. Die doel van die kerk is die charismatiese funksionering van die gemeente na binne en na buite (Louw 1984:89). Mense met gawes word as gawes aan die gemeente gegee (Nel 1994:46). Die charismata was en is die manier waarop God sy gemeente toerus vir diens sodat die liggaam van Christus gesond kan funksioneer (Nel 1994:51).

Kyk ons na die res van die Nuwe Testament dan blyk dit uit Hebreërs 10:25 dat die onderlinge samekoms van die gelowiges 'n vaste struktuur aangeneem het. Uit die pastorale briewe toon die kerklike struktuur meer vaste vorme. Die gawes word nou verstaan as toerusting vir die uitvoering van vaste opdragte, soos gemeenteleiding of -bestuur (1 Pt 5:1-5) en die prediking

(1 Pt 2:2). Uit die opdragte en vermaninge om in die leer te bly, blyk dit die kerk het ‘n afgebakende tradisie gekry wat ook ‘n vaste vorm aangeneem het (2 Jh 1:9; Judas 3). Oor kerkstrukture gee die Johannese geskrifte nie veel inligting nie, maar die feit *dát* daar onder andere getuig, gedoop en nagmaal gevier word, is skynbaar belangriker as *hóé* dit gedoen word (Pieterse 1980:26). Die Johannese literatuur lê veel meer klem op bediening as selfopofferende diens of *‘self-giving service’* (Nel 1994:34).

In die Nuwe Testament is daar nie ‘n eenvormige beeld oor die kerkstruktuur wat bepalend is vir die kerk van alle tye nie. Maar wat wel vir die vorm van die kerk beslissend was, is die *situasie* van die kerk, want dít het verseker dat die wese of identiteit van die kerk in die struktuur tot uitdrukking kom. Die verwaarlosing van die Grieks-sprekende weduwees in Handelinge 6 is ‘n voorbeeld hiervan. Waar die situasie die behoefte aan ‘n bepaalde diens skep, word dit dan in die naam van Christus deur die kerk ingestel.[3] Die Gees lei maar gee ook die gawes en bedieninge na die behoefte van die situasie wat die kerk self raakgesien het (Pieterse 1980:27).

Die behoefte van die situasie sal grootliks bepaal watter van die talle gawes wat God aan sy kerk gee, in ‘n spesifieke diens of amp aan die orde moet kom. God se doel met gawes is altyd die opbou van die gemeente, want die kerk moet al meer word wat dit bestem is om te wees. Die Gees en die gawes wat God skenk, beklemtoon op ‘n unieke manier dat die gemeente gesalf is as priesterdom tot diens aan die Koning in die teater van die wêreld (Nel 1994:19, 226).

---

3. Die ontstaan van die diakensamp is in onsekerheid gehul. Vir lank is die aanstelling van die sewe ampsdraers in Handelinge 6:1-7 beskou as die instelling van die diakonaat, maar die naam *diaken* ontbreek hier. Aanvanklik het die diakens ‘n verskeidenheid dienste verrig en kan hulle gesien word as hulpapostels (Berkhof) vir die Griekssprekende deel van die gemeente. Soos die kerk se hiërargiese strukture gegroei het, het die diakens geleidelik die biskop se assistente geword (Heitink 1993:91). In die Roomse kerk het die diakensamp ‘n liturgiese karakter gekry, terwyl dit by die Gereformeerdes rondom die insameling en uitdeling van gawes sou sentreer. Binne die Calvinistiese kerke het die diaken ‘n effens laere posisie ingeneem as die predikant en ouderling en kon voorheen nie verteenwoordigers na meerdere kerkvergaderings stuur nie, maar dit het intussen verander (Lederle 1982:61).

Die Nuwe Testament is ryk aan struktuurverskeidenheid, maar in ons strukturering van die kerk moet ons onthou dat die kerk allereers 'n *gemeenskap van gelowiges* is en dat organisatoriese strukturering daaruit volg. Met dit in gedagte kan die kerk op voetspoor van die Nuwe Testamentiese kerk 'n verskeidenheid vorme aanneem sodat die kerk in 'n bepaalde situasie sy doelstellings die beste kan bereik. Strukturering sal dus afhang van die situasie, maar met inagneming van die gaweverskeidenheid en bedieninge wat die Here aan sy kerk gee. Die kerk staan in diens van God se koninkryk en is nooit 'n doel op sy eie nie. Wat in die res van die samelewing gebeur, is dus bepalend vir die strukturering van die kerk (Pieterse 1980:27).

Ons bestaande kerkstruktuur is 'n praktiese vergestalting na die eis en behoeftes van die samelewing waarin die kerk sy roeping uitleef. Daarom is dit te begrype dat strukture na hul vorm dikwels bepaal word deur die kultuur en tradisies van die gemeente. Juis om hierdie rede is dit vir ons onmoontlik om spesifieke vorme en strukture vir alle tye uit die Nuwe Testament af te lei (Nel 1994:218). Alhoewel die Nuwe Testament ons nie toelaat om een gemeentestruktuur te kanoniseer nie, skep dit wel die vryheid en die moontlikheid vir nuwe ontwikkelinge en veranderings aan die kerk se bedieningstruktuur. Dít moet dan beide die mens en die gemeente ten goede kom (Kaiing & Kasper 1972:49, aangehaal deur Nel 1994:268 in endnota 9).

Deur sy strukture moet die kerk sy bediening optimaal kan uitvoer, want dit is juis deur strukturering dat die kerk se identiteit sigbaar moet word. Kerklike strukture is dus hulpmiddels vir die funksionering van die kerklike bediening sodat die kerk se doelstellings waar kan word (Pieterse 1980:28). In paragraaf 2.3.5 wil ek my vereenselwig met Kritzinger (1979) en die disfunksie uitwys van 'n bedieningstruktuur wat versuim het om by die betrokke situasie aan te pas.

### 2.3.5 *Geskiedenis van die VGKSA se kerk- en gemeentestruktuur*

#### *2.3.5.1 'n Oorgeplante struktuur*

Kritzinger[4] het uitgebreid ingegaan op die bedieningstruktuur van die voormalige NGKA, veral soos dit destyds in die tuislande[5] daar uitgesien het (Kritzinger 1979:10). Strukture wat in een situasie doeltreffend werk, is nie noodwendig geskik vir 'n gemeente in ander omstandighede nie (Heyns 1993b:157). Die meeste jong kerke word gevange geneem in hul bedieningspatrone waar hulle net 'soos Dawid struikel binne die wapenrusting van Saul'.[6]

'n Eeue oue Europese bedieningstruktuur wat selfs in Europa nie meer lewensvatbaar was nie, is op die jong kerke oorgeplaas. Die kerk van die Weste is as 'n strukturele replika oorgeplant op die sendingveld sonder om laasgenoemde se eie en unieke sosio-ekonomiese stelsel in ag te neem, en sonder dat die jonger kerke die geleentheid sou kry om nuwe strukture te skep (Bosch 1994:295). Hierdie verknegting sien Neill (1970:34) tereg as finansiële tirannie. Volgens Hastings (1967) was dit 'n dinosaurussisteem, want dit was nie net lomp nie, maar ook duur met die ingeskape moontlikhede van tragiese gevolge.

Die oorgeërfde stelsel was glad nie geyk op die verskeidenheid bedieningspatrone van die Bybel nie, want in die toetsing van 'n bedieningstruktuur was die geldende beginsel dat die patroon of struktuur moes *werk* én die *situasie pas*. Die knypende bedienings-patroon van

4. Prof JJ (Dons) Kritzinger was lank 'n leraar in die voormalige NGKA. Hy ken dié kerk se problematiek eerstehands. Selfs as professor in missiologie aan die Universiteit van Pretoria het hy tot met sy aftrede die VGKSA se gemeente Mamelodi-Oos as leraar-in-tentmakerbediening gedien.

5. *Tuislande* was skeppinge van die ideologie van apartheid. Op grond van etnisiteit is die swart bevolking van Suid-Afrika in agt tuislande verdeel, te wete die Xhosas, die Noord-Sotho, die Suid-Sotho, die Swazis, die Tsongas, die Vendas, die Tswanas, en die Zoeloes. Die groepe sou deur nasionale selfregering tot onafhanklikheid gelei word (Van Jaarsveld 1975:383). Die VGKSA se sinode van Noord-Transvaal huisves vyf van hierdie groepe - die Noord-Sotho, die Tswanas, die Vendas en die Tsongas, asook Zoeloesprekendes in die suid-oostelike gedeelte van Mpumalanga Provinsie.

6. Die beeld van *Dawid in Saul se wapenrusting* is deur Davis (1947) gebruik om die Westerse kerk se fout uit te wys om Saul se wapenrusting vir Dawid aan te trek en sy swaard in Dawid se hand te stop. As die kerkstrukture meer met die konteks van die omgewing rekening gehou het, sou die sendingkerk veel beter gevaar het. Heyns (1991:204) sien dit tereg as 'n ernstige belemmering dat die sendende kerk sy lofwaardige dienswerk nie meer *gekontekstualiseer* het nie. Daarteenoor dien die sendingwerk van die Siriese kerk in die vyfde eeu in die suide van Indië as 'n goeie voorbeeld van die vrug van identifikasie met die omgewing, die herskep van bestaande ordes en die skep van strukture wat by die situasie aanpas, want na 1 500 jaar is daar nog steeds meer as twee miljoen lidmate in Indië. Die beeld van die Saulsharnas word ook deur Berkhof (1950:227) gebruik as beskrywing van 'n *lomp kerkstruktuur*.

die hedendaagse Afrika kan dus nie die Bybel inroep as verteenwoordiger nie (Kritzinger 1979:4).

### *2.3.5.2 Die VGKSA se gereformeerde erfenis*

In die VGKSA se gereformeerde erfenis is daar twee basiese faktore wat aandag moet kry. Die eerste is die *parogiale stelsel*[7] as middeleuse nalatenskap. Die historiese ontwikkeling en beoordeling van die parogiale stelsel as plaaslike gemeentestruktuur kom in paragrawe 2.5.2 en 2.5.3 onderskeidelik aan die orde.

Die tweede gereformeerde erfenis van die VGKSA is die *nie-hiërargiese presbiteriale stelsel van kerkregering*[8] wat saamhang met 'n bepaalde ampsteologie. Weens die noue verwantskap tussen 'n ampsteologie en kerklike leierskap, gee ek in hoofstuk 4 (paragraaf 4.2) daaraan aandag. Hier kyk ek oorsigtelik dog spesifiek hoedat hierdie stelsel van kerkregering die VGKSA eers as voormalige NGKA en NGSK geraak het en nog steeds as kerk van die samesmelting raak.

By die Reformasie is daar teenoor die Roomse institutêre en hiërargiese ampsbeskouing baie klem gelê op die gelykheid van alle gelowiges. Die amp van die *'gewone'* gelowige is sterk benadruk, maar in die praktyk het dit gaandeweg anders uitgeval. Die bedieningspraktyk sou as 'n 'domineeskerk' ontwikkel, want die leraarsamp was die amp waarom alles in die gemeente uiteindelik sou draai. Saam daarmee is talle verantwoordelikhede van die plaaslike gemeente deur die sinodale kerkverband oorgeneem. Vir die Nederduitse Gereformeerde

---

7. Die parogiale of territoriale gemeentestruktuur is die kenmerkende binne die VGKSA se gebied-sinode van Noord-Transvaal waar groot en uitgestrekte plattelandse gemeentes weer in kleiner *wykskerke* verdeel.

8. 'n *Presbiteriale stelsel van kerkregering* beteken dat ouderlinge in beginsel die kerkregering behartig. Dit word gewoonlik in kerke van Gereformeerde oorsprong saam met die diakens gedoen wat die diens van barmhartigheid reël (Hendriks 1992:21). Presbiteriaal kom van die Griekse woord *presbuterion*. Dit kan óf 'n aanduiding wees van 'n *raad van die volk* (body of elders), die *Joodse Raad* (Lk 22:66 en Hd 22:5); óf dit kan verwys na die *ouderlinge raad* of *raad van biskoppe* in die plaaslike gemeente wat, toegerus deur die Heilige Gees, oor die geestelike versorging van die gemeente toesig moes hou (1 Tm 4:14) (Vine's 1981, s v 'presbuterion').

Kerkfamilie in Suid-Afrika is die beskuldiging van 'n sinodokrasie[9] of kerkregering deur sinodes dus nie heeltemal ongegrond nie (Hendriks 1992:21, 24).

Op grond van die parogiale stelsel kon elke vierkante meter van Suid-Afrika in teorie gereken word by een of ander gemeente van die NGKA en die NGSK (tans die VGKSA). Dit maak dat elke persoon in Suid-Afrika dus binne die werksgebied van een of ander gemeente van die VGKSA woon. Soos die bevolkingsdigtheid verminder, word gemeentes se geografiese omvang gewoonlik groter. Op die platteland is 'n gebied van 1 000 $km^2$ nie uitsonderlik vir 'n gemeente nie. Uiteraard bestaan so 'n uitgestrekte *gemeente* uit talle gemeenskappe wat min of geen verband met mekaar het nie. Die tweede erfenis het ook sy neerslag gevind. Die aanname is gemaak dat elke gemeente sy kerkraad van (regerende) ouderlinge, diakens en 'n lerende ouderling (predikant) behoort te hê (Kritzinger 1979:11).

### *2.3.5.3 Gevolge van die oorgeplante Westerse stelsel*

'n Westerse stelsel waar die kerk hoofsaaklik 'n middelklas verskynsel is, is op Afrika oorgeplaas (Kritzinger 1979:26). Die stelsel was dood-gewoon te duur en het gelei tot die volgende tragiese gevolge:

1. In die jong kerk het 'n *bedelmentaliteit* ontwikkel, want dit is as normaal beskou dat die middele altyd van elders kom. Die eerste bekeerlinge was randfigure van die samelewing en as sodanig die armstes onder die armes. Geldelike hulp is aan hulle gegee met 'n gesindheid van *goedhartige paternalisme* (Bosch 1994:295).

---

9. 'n Sprekende bewys van *sinodokrasie* is waar dr HF Verwoerd na die Cottesloe kerkeberaad van 7 tot 14 Desember 1960 in sy Nuwejaarsboodskap afkeurend na Cottesloe verwys het. Hy het Cottesloe gesien as 'n poging van buitelanders om hulle in Suid-Afrika se interne sake in te meng. Hy het toe veelbetekenend daarop gesinspeel dat die sinodes nog daaroor sou moes besluit, want "die stem van die Kerk moet nog gehoor word, en wel op hul Sinodes waarop die lidmate sowel as die predikante verteenwoordig sal wees." Dr Verwoerd het daarmee direk in 'n kerklike gesprek ingemeng. Sy hoop was dat daar genoeg konserwatiewe leiersfigure in die kerk was wat daarvoor sou sorg dat die besluite van Cottesloe deur die sinodes van die Kaapse en Transvaalse kerke verwerp sou word (Naudé 1995:54-56; Jonker 1998:41-42).

2. Geen goeie verhouding[10] bestaan met die subsidiërende instansie nie. Daar ontwikkel óf *skuldgevoelens*; óf *magte-loosheid* omdat jy deur die skenkings ontmens word; óf 'n *hartelose aanspraak* wat altyd om meer vra.
3. Oordrewe klem word op die finansiële aspek gelê. Dié oordrewe klem en beheptheid met geld dra wrange vrugte as die lidmate daarteen in opstand kom en 'n vertrouens-kloof tussen leraar en gemeente ontwikkel.
4. Leraars en evangeliste word onderbetaal en hulle raak ontevrede.
5. Evangeliste word as *goedkoop leraars* benut.
6. Die werk stagneer en aan geen uitbreiding kan gedink word nie (Kritzinger 1979:27).

'n Kwart eeu na Kritzinger (1979) se navorsing oor strukture vir 'n jong kerk, het die situasie in die gemeentes van die VGKSA nog nie noemenswaardig verander of verbeter nie. Ons sit nog steeds opgesaal met die *Saulsharnas* en die *Dinosaurussisteem* as res van die sendende kerk. Ek gee vervolgens aandag aan struktuurverandering in die kerk.

### *2.3.6 Struktuurverandering: reorganisasie of herstrukturering?*

Die kerk se maatstaf is die Bybel as die geskrewe Woord van God. In die lig van dié Woord moet die kerk gedurig sy lewe en beeld vorm en herskep. Die bedieninge is 'n Bybelse gegewe, maar die vorm waarin dit funksioneer is op die samelewing gemodelleer waarin die kerk bestaan. In sy bediening staan die kerk dus altyd voor die kritiese vraag na óf die reorganisasie van strukture, óf na totale herstrukturering (Pieterse 1980:69).

Nel (1994:218) sien struktuurvernuwing as 'n bediening, want lidmate moet van hul krampagtigheid verlos word waarmee hul *vorm as manier van doen* byna aanbid. Die kerk

10. Dr S D Maluleke, saakgelastigde van die Noord-Transvaalse gebiedsinode (VGKSA) verwys na hierdie soort verhoudings as blote 'tjekboekverhoudings' omdat geen sinvolle interaksie tussen skenkers en ontvangers ontwikkel nie (Maluleke 2004).

en die gemeente moet ín hul strukture steeds die koms van die Koninkryk bevorder en nie die koms van die kerk nie, want die gemeente is net die vertoonvenster van die Ryk en soeker van God se regering in Christus (Nel 1994:225).

Voordat die werking van die kerk in oneffektiewe bedieningstrukture stagneer, moet die kerk dink aan óf reorganisasie óf herstrukturering. Tussen reorganisasie en herstrukturering is daar ‘n verskil. Waar ons in reorganisasie in ‘n groot mate die ou struktuur of ou patroon behou, vind *struktuuraanpassings* net plaas om aan die eise van die veranderde situasie te voldoen. Daarteenoor is herstrukturering omvattend, want die *bekende struktuur word verander* of *deur ‘n totaal nuwe struktuur vervang* (Pieterse 1982b:84; Louw 1984:91). Daarom moet ons enige vorm van strukturering wat vernuwing of verandering bring nie net met groot omsigtigheid hanteer nie (Heyns 1993b:157), maar ook met groot verantwoordelikheid weens die sterk Bybelse agtergronde van veral bepaalde bedieningsvorme (Nel 1994:220).

Waar herstrukturering lei tot vernuwing, verandering of vervanging moet ons weerstand verwag wat vir die instelling ook positief kan wees (Robbins 1991:639). Weerstand teen verandering word deur talle faktore beïnvloed soos onsekerheid (Massie & Douglas 1981:473) en die onwilligheid om die bestaande en bekende prys te gee deurdat die status quo verkies word (Cilliers 1990:433, 434). Naas die handhawing van die bestaande orde lys Malphurs (1996:79-97) ook faktore soos die inherente waardes binne ‘n gemeentekultuur, gevestigde belange van kerklidmate, wantroue in die leierskap van die gemeente, verandering-stres, die komplekse aard van verandering, die *heilige koeie* of *historiese monumente* (Nel 1994:12) wat in gemeentes beskou word as immuun teen verandering.

Nel (1994:17) wys op die bestaan van talle redes waarom gemeentes of gedeeltes van gemeentes onwillig is om te vernuwe, want gemeentes kan bewustelik of onbewustelik kies om restoratief, bewarend en instandhoudend te wees. Daardeur word vernuwing en groei aan bande gelê. Teenoor verandering, vernuwing en *herstrukturering* (byvoeging myne) is gemeentes negatief, want daar is ‘n verknogtheid aan die verlede as die *goeie ou dae-*

*sindroom* en wat dikwels saamval met onvervulde drome. Verdere redes wat Nel (1994) noem, is pastor-gesentreerde programme, vinnige wisseling van predikante, asook predikante met 'n outokratiese leierskapstyl.

Die fokus van hierdie ondersoek is die klein landelike gemeentes van die VGKSA wat ek bedien. In hoofstuk 1 paragraaf 1.2.2 het ek die navorsingsprobleem neergesit. Daar het ek in stellings 1 en 6 uitgewys dat die VGKSA se sinode van Noord-Transvaal uit 128 gemeentes bestaan. Hiervan is 48 sonder 'n eie predikant. Van hierdie gemeentes is 23 klein en arm plattelandse gemeentes. Ek wil aansluit by Kritzinger (1979:11) en Pieterse (1982:75) wat die term bedieningstrukture sien as beskrywend van alle kerkstrukture en waaraan die woord *diakonia* ten grondslag lê.

Deur die bestaande bedieningstrukture word hierdie gemeentes op allerlei maniere gekniehalter. 'n Oordrewe ampsbeskouing laat vir die lidmate as grootste bedieningsgroep geen of min ruimte. Dit maak weer dat die *diakonia* in sy drievoudige betekenis van *diens aan God*, diens aan *mekaar* en diens aan die *wêreld* nie werklik tot sy reg kom nie. Struktuurverandering staan hier in die branding, maar elke gemeente-situasie sal die koers en tempo van verandering moet bepaal. Tog glo ek dat reorganisasie as struktuurverstellings om aan die veranderde situasie te voldoen, in talle gevalle die gewenste uitwerking vir hierdie gemeentes sal hê.

Die gemeente waarbinne die bedieningstrukture funksioneer, is beide 'n organisme en 'n organisasie. Hieraan word nou aandag gegee.

## 2.4 BESTAANSWYSE VAN DIE KERK

### *2..4.1 Die gemeente as organisme en organisasie*

Heyns (1981:375-389) onderskei tussen die *kenmerke* en *eienskappe* van die kerk enersyds en die *gestaltes* van die kerk andersyds. Die teologiese fundering van die kerk se feitelike bestaan lê dus veranker in die kerk se oorsprong, eienskappe en taak. Maar die kerk

bestaan ook in die empiriese werklikheid. Die gesig wat die kerk dus na die wêreld draai, is die wyse waarop die kerk bestaan. Heyns (1981:383-389) onderskei vyf bestaansmodi of gestaltes vir die kerk, te wete die lokale en die universele, die sigbare en onsigbare, die *institutêre* en die *organiese*, die strydende en die triomferende, asook die statiese en die dinamiese. In elk van hierdie bestaanswyses van die kerk is daar 'n bepaalde dualiteit. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is die fokus dus op die kerk se bestaanswyse as *instituut* of *organisasie* én as *organisme*.

Organisasies is sisteme van interafhanklike mense (Pugh et al. 1983: 158). Die toenemende spesialisasie en voortgaande differensiasie van die moderne wêreld organiseer en reglementeer die mens se bestaan en behoeftes al hoe meer. Daarom verbaas dit nie dat daar ook 'n instituut sou bestaan wat saamhang met die mens se geloof nie. Omdat georganiseerdheid 'n wesenlike deel van die menslike saambestaan is, bestaan daar ook 'n verskeidenheid samelewingsvorme. Die kenmerk of onderskeidende kwalifikasie van die Christelike kerk as samelewings-organisasie, is die geloof wat sentreer rondom die persoon, Jesus van Nasaret (Lederle 1982:5, 6).

Vastheid van organisasie- en beleidsvorme asook van byeenkomste en prosedure, is kenmerkend van 'n instelling wat as 'n instituut funksioneer (Heyns 1981:386). Om as kerk besig te wees met Woord-verkondiging en sakramentsbediening vra nie net mense wat dit kan doen nie, maar vereis dat die kerk ook 'n institutêre vorm moet hê. Die kerk se institutêre bestaan is op sigself 'n boodskap, want "God se heil sweef nie soos 'n miswolk bo die wêreld nie." Dit is in die vaste vorm van die kerk as organisasie dat God se heil die geskiedenis én die wêreld ingaan, want in die wêreld van organisasies word die kerk ook 'n organisasie. Soos alle ander organisasies reëls en wette vir hul ordelike verloop het, het die kerk ook sy kerkorde om die goeie gang van sake in die kerklike lewe te verseker (Heyns 1981:387).

Vir die doeltreffende funksionering van die kerk is 'n goeie organisasie of instituut nodig, maar ons mag nooit die kerk en gemeente as instituut ten koste van die kerk as organisme beklemtoon nie, want dan word die institusionele primêr en die organiese sekondêr sodat ons

verval in institusionalisme. Ons kan institusionalisme as reëel uitken wanneer die organisatoriese in die gemeente besondere klem dra; reëls en regulasies voorop staan; die ampsdraers buitengewone gesag het; lidmate as minderwaardig beskou word; en lidmaatskap van organisasies soos jeug- en vrouebedieninge belangriker is as die geestelike kwaliteit van daardie groepe (Heyns 1992b:296. 297; Dulles 1977:32, 35, 40).

Tussen die goddelike en die menslike in die kerk is daar 'n dualiteit, en al is hierdie dualiteit moeilik beskryfbaar, bly dit 'n realiteit waarmee ons in die kerk en in elke gemeente mee rekening moet hou. Die kerk is volk van God, liggaam van Christus, en 'n skepping van die Gees, maar daarteenoor is dit ook 'n verskynsel in die samelewing waarin mense 'n bepalende rol speel. As skepping van God is die kerk 'n lewende organisme, maar dit is ook 'n organisasie van mense vir mense (Heyns 1993a:160).

Vanuit 'n prakties-teologiese perspektief op die gemeente is dit belangrik om die gestalte van die kerk as *organisme* en as *organisasie* te onderskei sodat beide die *teologiese* en die *empiriese* tot hul reg kan kom. Die onderskeiding is nie skeiding nie, maar maak dit moontlik om die twee kante van die gemeente altyd voor oë te hou. As liggaam van Christus is die kerk teologies gesproke 'n organisme. Omdat die kerk ook in die wêreld bestaan as 'n gewone menslike instelling wat 'n *vereniging van vrywilligers* is, is dit as sodanig 'n organisasie (Pieterse 1993:158).

Die *kerk as organisasie* het as keersy die *kerk as organisme* wat die lewe van die lidmate ín die kerk aandui (Heyns 1981:387). Vir Burger (1991a: 27, 28, 30) is die kerk sowel 'n *pneumatologiese* as 'n *antropologiese werklikheid* waarin beide die Heilige Gees én mense 'n rol speel. Die teenwoordigheid van die Gees onthef ons nooit van ons menslike verantwoordelikhede en pligte nie.

### 2.4.2 Die kerk as vereniging

#### 2.4.2.1 Waar hoort die kerk in die samelewing?

Ons stel kerk en samelewing nie teenoor mekaar nie, maar sien die kerk as *in* die samelewing én ook *deel* daarvan. Dit laat die vraag ontstaan na die aard en sosiale verband wat die kerk *ín* die samelewing vorm. Van der Ven (1993b:39) sien binne samelewingsverband die kerk as 'n vereniging wat ook vra na ons ekklesiologiese evaluering. Dit doen ons dan aan die hand van die kerk as *gemeenskap van gelowiges*.

In die samelewing onderskei Van der Ven (1993b) tussen regerings- en nie-regeringsorganisasies. Die nie-regeringsorganisasies val uiteen in twee groepe - die privaatsektor met die *winsmotief* as oogmerk, teenoor die gemeenskapsgerigte organisasies met 'n *diensmotief* as grondslag. Maar in die gemeenskapsgerigte organisasies moet ons verder onderskei tussen dié met 'n interne gerigtheid teenoor dié wat die gemeenskap se algemene belang *(bonum commune)* in die oog het. Vir Van der Ven (1993b) hoort die kerk tot daardie instellings wat die algemene belang van die gemeenskap in die oog het. Die kerk as vereniging se gerigtheid op die algemene belang hoort dus tot die kerk se identiteit, visie en missie (Van der Ven 1993b:40).

### *2.4.2.2 Kenmerke van 'n vereniging*

Wagenaar (1973:30) sien 'n vereniging (*associatie*) of 'n organisasie per definisie as behorende tot dieselfde groep, want sowel vereniging as organisasie se bestaansdoel of *raison d'être* is die dien van 'n belang of 'n groep van belange. Om die kerk as vereniging te beskou is glad nie nuut nie, maar dit het 'n eie geskiedenis.

Sedert die sewentiende en agtiende eeu staan die kerk as vereniging in die Duitssprekende lande bekend as *kollegialtheorie* waarin die kerk beskou word as 'n *collegium*[11] of 'n

11. *Collegium* dui op 'n vereniging of 'n vrye assosiasie van gelykgesindes. Na die sinode van Dordt (1619) en die kontroverse wat die sinode omring het, het 'n Nederlandse godsdienstige groep van gelykgesindes (*collegiants*) ontstaan. Na die triomf van die ortodokse Calviniste en die wegdrywe van die Remonstrante predikante, was daar in Nederland vele gemeentes sonder 'n predikant. Die *collegiante* sou dan op informele wyse in dié gemeentes eredienste lei waarin drie sake benadruk is, naamlik die onderdompelingsdoop, wêreldvermyding, en minimale belydenisskrifte. Die laaste vergadering van hierdie splintergroep was in 1787

*societas libera et aequalis* waaraan deelname vry en op gelyke voet is. Dié teorie het twee verstaans-moontlikhede. Volgens Katolieke siening hoort net die biskoppe tot die collegium, maar onder Protestante behoort alle lede daartoe. In die protestantse geskiedenis word die kerk as vereniging maklik met die kongregasionalisme[12] geïdentifiseer wat weer maklik in verband gebring word met die independentisme.[13] Hier lê die klem op die outonomie van elke plaaslike gemeente sonder verantwoordingdoening aan meerdere liggame soos ringe en sinodes (Van der Ven 1993b:41).

Volgens Jolles (1978:776, soos aangehaal deur Van der Ven 1993b) is 'n vereniging "'n geformaliseerde en outonome samewerkingsverband tussen 'n aantal persone wat uit vrye wil daartoe toetree met 'n gemeenskaplike, spesifieke en eksplisiete doel" (vrye vertaling myne). Vanuit hierdie definisie onderskei Van der Ven vyf kenmerke wat vir die kerk belangrik is, naamlik:

1. *Geformaliseerd* verwys na 'n vereniging se reëls wat lede se optrede reguleer om te voorkom dat elkeen doen wat hulle wil. Dit geld ook vir die kerk (Van der Ven 1993b:41), waar die kerkorde die goeie gang van sake in die kerklike lewe verseker en bevorder (Heyns 1981:387).

---

(Jellema 1978:240).

12. *Kongregasionalisme* het aanvanklik ontstaan as reaksie teen die *staat-kerkverhouding* in Engeland. Robert Browne (1553-1633) was die leiersfiguur onder die Separatiste wat die voorloper van die kongregasionaliste sou wees. Vir Browne was die kerk se ware gesag gesetel in die *'versamelde gemeente'* (Williams 1978:159). Die kenmerkende van die kongregasio-nalisme as vorm van kerkregering is die beklemtoning van die plaaslike gemeente se outonomie. Dit is die plaaslike gemeentes wat geregtig is om hul eie sake te bestuur, hul eie vorme van aanbidding te bepaal, en hul eie leraars te beroep. Kongregasionalisme het in 1966 in Brittanje 'n beslissende wending geneem toe plaaslike kongregasionele kerke genooi is tot die vorming van die Kongregasionele Kerk (Kirby 1978:252). Die stap is in 1972 opgevolg met die eenwording tussen die Kongregasionele Kerk in Engeland en Wallis en die kleiner Presbiteriaanse Kerk van Engeland om saam die *United Reformed Church* te vorm (Douglas 1978:999).

13. Tydens die 17de en 18de eeu was *independentisme* in Engeland 'n sinoniem vir *kongregasionalisme*. Aanvanklik is dit in sowel 'n politieke as 'n kerklike sin gebruik. Polities gesproke sou die term verwys na diegene wat van oordeel was dat daar voorsiening gemaak moes word vir 'n mate van godsdienstige verdraagsaamheid binne of langs die staatskerk. Kerklik gesproke sou die term weer beskrywend wees van diegene wat geglo het in 'n kongregasionele vorm van kerkregering en dit ook beoefen het (Toon 1978:503).

2. Die *outonome karakter* van die vereniging vind neerslag in die fundamentele mensereg van vryheid tot assosiasie. Dit geld ook vir die kerk as godsdienstige gemeenskap wat enersyds uitgaan van God se openbaring waarin die waardigheid van die mens sentraal staan, en andersyds uitgaan vanuit die mens se geloof in die openbaring (Van der Ven 1993b:42).

3. Die woord *samewerkingsverband* bring die vereniging se taakgerigtheid na vore. Dit beteken nie dat ons mense se persoonlike verhoudings, gevoelens en houdings in 'n vereniging ontken nie, maar dat dit ook die moontlikheid van ontwikkeling inhou. Taakgroepe het verskillende oogmerke. So bestaan daar dié wat ingestel is op *diens-lewering*; ander wat weer op *selfaktualisering* fokus; terwyl daar ook dié is wat hulle toelê op 'n *ontmoetingsgebeure* deur gesprek en kontak.

   Die verskil in taakgroepe kan ons ook in terme van *kommunikasie* verklaar. By taakgroepe wat ingestel is op *dienslewering* is *kommunikasie 'n middel tot 'n doel*. Taak-groepe, ingestel op *selfaktualisering*, benadruk *intra-persoonlike kommunikasie*, terwyl dié wat fokus op die *intersubjektiewe take* van ontmoeting, gesprek en kontak, weer toegespits is op *interpersoonlike kommunikasie*.

   Van der Ven (1993b:42) trek hierdie driedeling deur na die kerk se gemeentebestuur, mediasiegroepe en pastorale ontmoetingsgroepe. Hierdeur word gemeentegroepe se onderlinge samewerkingsverband benadruk.

4. *Toetrede uit vrye wil* plaas die keusevryheid van die indiwidu sentraal, want lidmaatskap is nie outomaties of vanselfsprekend op grond van geboorte of afkoms nie. Vrywillige toetrede het te doen met die verrigting van 'n bepaalde aktiwiteit én/óf die lewering van 'n materiële of geestelike prestasie.

In die kerk kom vrywillige toetrede veral na vore in die gemeente of die basisgemeenskap. Dit impliseer nie eenvormigheid in lidmaatskap nie, want binne verenigings is daar lidmaatdifferensiasie. Ons kan onderskei tussen bestuur, professionele beroepslui in diens van die vereniging, vrywilligers en verskillende ledekategorieë. Lidmaatdifferensiasie[14] kom ook in die kerk voor as gemeentebestuur, professionele pastores in diens van die kerk, vrywilligers wat saam met die pastores pastoraat-groepe vorm, en gedifferensieerde gemeentelede[15] (Van der Ven 1993b:43).

5. Die *doel* van die vereniging is *gemeenskaplik, spesifiek* en *eksplisiet.* Dit geld ook van die kerk. Die *gemeenskaplike doel* van die kerk is te vinde in die kerk se *wese* en *taak* soos dit neerslag vind in die Bybel en in die geskrifte van die kerklike tradisie. Burger (1991a:37) sien 'n geloofsgemeenskap se *visie* as 'n wisselterm vir die betrokke geloofsgemeenskap se *belydenis* wat die unieke van die Christelike geloof as *belydenisinhoud* het. Deur visie pleks van belydenis te gebruik, suggereer Burger (1991a) dat dit om meer as net die strakke inhoud van die Christelike geloof gaan. Van der Ven (1993b:45) wys daarop die kerk in die samelewing ook 'n *spesifieke religieuse doel* het, want vauit 'n *godsdienstige perspektief* wat op die transendente fokus, moet die kerk die samelewing en mense se persoonlike lewens benader (Van der Ven 1993b:45).

14. *Lidmaatdifferensiasie* verwys na die feit dat daar verskillende kategorieë lede bestaan, soos begaafde lede, kernlede, onsekere lede, marginale lede, dormante lede en dooie lede. Mense buite die vereniging word beskou as gewese lede, gewese lede van die eerste generasie, gewese lede van die tweede generasie, en nie-lede (Van der Ven 1993b:43).

15. *Gedifferensieerde gemeentelede* verwys na die verdeling van gemeentelede in ***charismatiese lede*** van wie daar krag en inspirasie uitgaan; ***kernlede*** wat nie net gereeld aan die liturgie deelneem nie, maar gedurende die week ook by ander gemeentelike aktiwiteite betrokke is; ***modale*** of ***onsekere lede*** wat hul betrokkenheid beperk tot reëlmatige kerkbywoning van minstens een keer per maand; ***marginale lede*** wat slegs 'n enkele keer per jaar na die kerk kom (bv met Kersfees) en deelneem aan die oorgangsrites (*rites de passage*) van doop, huwelik en dood; ***dormante lede*** wat hul rug op die kerk gekeer het; ***dooie lede*** wie se name net op die doop- en lidmaatregisters voorkom; ***eks-lede*** wat hul rug op die kerk gedraai het; ***eks-lede*** wie se *ouers* die kerk verlaat het; ***eks-lede*** wie se *grootouers* die kerk verlaat het; en ***nie-lede*** (Van der Ven 1993b:43).

Die kerk ***ís*** nie 'n vereniging nie, maar kan wel ***ás*** een beskou word. Ons gebruik die term *vereniging* nie as *wesensbeskrywing* van die kerk nie, maar bloot as 'n *kenmiddel, optiek, invalshoek* of *paradigma* om vanuit 'n *epistemologiese beginsel* na die kerk te kyk. Dieselfde geld ook vir die teologiese begrippe waar ons die kerk benader as *communio fidelium*,[16] as volk van God, as liggaam van Christus, as bouwerk van die Gees, as kerk van die armes (Van der Ven:1993b:12, 46).

### *2.4.3 Teologiese besware teen die kerk as vereniging*

Teen die benadering van die kerk as vereniging bestaan daar teologiese besware. Omdat die kerk nie 'n menslike skepping is nie, maar van God kom, sou die beskouing van die kerk as vereniging afbreuk doen aan die kerk se religieuse identiteit. Van der Ven (1993b:46) sien hierin 'n teologiese dualisme, want wat God *met die kerk* doen, staan bo die verenigingsoptiek, en wat God *met mense in die kerk* uitrig, staan weer buite die sosiologiese invalshoek. Om die kerk slegs vanuit 'n teologiese uitgangspunt te benader, is nie net begrensend en inperkend vir die sosiologiese benadering nie, maar dit maak die sosiologie ondergeskik aan die teologie (Van der Ven 1993b:46).

Ons kan die argument nog 'n rapsie verder voer. Om die sosiologie ondergeskik te stel aan die teologie, kom neer op die prysgawe van die praktiese teologie se *inter-* en *intradissiplinariteit* in sy empiriese benadering tot die werklikheid. Omdat hier weer agter 'n multi-dissiplinariteit 'n skuilgaan is, sal daar vanuit die praktiese teologie as teologiese wetenskap 'n monoloog plaasvind met die sosiale wetenskappe as *hulpwetenskappe*. Of nog erger: Dit kan 'n terugval wees op monodissiplinariteit wat die praktiese teologie weer tot toegepaste teologie reduseer (vgl Van der Ven 1993a:89-101; Pieterse 1993:36-40).

---

16. *Gemeenskap van gelowiges* - is die vertaling van Latynse benaminge waarmee die kerk van oudsher aangedui word, soos communio fidelium, congregatio fidelium, societas fidelium, societas credentium, societas sanctorum, collectio fidelium, collegium fidelium, coetus omnium sanctorum. Die betekenis van al hierdie woorde is dat die gelowiges saam die kerk vorm, dié gelowiges wie se geloof gegrond is in die heil van God, Christus en die Gees (Van der Ven 1993b:47).

Gereformeerdes het in navolging van Calvyn geglo dat ons die beginsels van kerkregering aan die Bybel moes ontleen. By die sinode van Dordt (1618-1619) is die Dordtse Kerkorde goedgekeur. Dit bevat die basiese beginsels van die gereformeerde kerkreg. Geestelike verval en teologiese vrysinnigheid sou in die 18de eeu lei tot die verwaarlosing van die gereformeerde erfgoed in die Nederlandse kerk. Beide belydenis en kerkreg is daardeur geraak, en die ware aard van die kerk is nie meer verstaan nie. Die kerk is beskou as 'n *vereniging van gelykgesindes* waarvan die organisasie na goeddunke gereël kon word. Sedert 1816 word die bestuur van die Hervormde Kerk in Nederland[17] volgens die beginsels van die verenigingsreg gereël. Dit vorm weer die grondslag van 'n kollegialistiese kerkreg[18] (Jonker 1998:35).

In die teologiese argumente teen die kerk as vereniging bespeur Van der Ven (1993b:46) 'n

---

17. Volgens Jonker (1994:35) het geestelike verval en teologiese vrysinnigheid in die agtiende eeu gelei tot die verwaarlosing van die kerk in Nederland se reformatoriese erfgoed. Dit sou dan die belydenis én die kerkreg raak, want die ware aard van die kerk is nie meer verstaan nie. Nou is die kerk beskou as 'n vereniging van gelykgesindes waarvan die organisasie na goeddunke gereël kon word. Die Hervormde Kerk was die grootste kerk in die Nederlande, Calvinisties van aard en presbiteriaal in kerkregering. Na Napoleon se neerlaag en die beëindiging van die Franse Rewolusie (1815) is die Nederlandse republiek weer met 'n koninkryk vervang.

    Koning Willem 1 van Nederland het in godsdienstige sake die Napoleontiese benadering behou, naamlik staatsondersteuning maar teen die prys om toe te gee tot 'n mate van regulering deur die staat (Jellema 1978:318). Toe koning Willem 1 in 1816 'n algemene reglement vir die bestuur van die kerk uitvaardig, het die grootste deel van die kerk dit aanvaar. Daarin is die naam van die kerk verander na die Hervormde Kerk in Nederland. Die bestuur van die kerk is volgens die beginsels van die verenigingsreg gereël, en die kerkreg sou kollegialisties wees (Jonker 1994:35).

    Oor die toestand in die Hervormde kerk in Nederland skryf Jellema (1978:318): "The Reformed Church was by now given to a good deal of tollerance in matters of religious dogma." In die 19de eeu sou daar teen dié godsdienstige verdraagsaamheid en veranderings reaksies kom. Die voorloper hiervan was die *Réveil* of *Ontwaking* wat teen 1825 vanuit Switserland na die Nederlande oorgespoel het (Linder 1978:843). Groepe sou hulle ook van die Nederlandse Hervormde Kerk afskei en selfstandige kerke vorm. Die vernaamste hiervan was die *Afskeiding* van 1834 en die ontstaan van die Christelike Gereformeerde Kerk, en die *Doleantie* van 1886 wat sou lei tot die Gereformeerde Kerken in Nederland (Jonker 1994:35).

18. Kollegialistiese kerkreg is 'n teorie oor kerk-staatverhoudings wat grootliks met die denke van H Grotius (1583-1645 ) en S Pufendorf (1632-1694) geassosieer word. Staat en kerk word beide as vrywillige assosiasies (collegia) gesien. Beide se oppergesag berus dan binne die liggaam van die lede. Die enigste gesag wat die staat dan oor die kerk sou hê, is die gesag wat die kerk self aan die staat sou verleen (Jellema 1978:239).

*vorm van konkurrensiedenke* wat God se handelinge en menslike handelinge opponerend teenoor mekaar stel. Teenoor konkurrensiedenke plaas hy die *beginsel van nie-konkurrensie*, want God vervang en skakel nie die handelinge van mense uit nie. By God is daar maksimale inskakeling van die mens en menslike handelinge, want God motiveer die mens tot koinonia sodat mense mekaar tot koinonia kan motiveer. God werk in en deur die samewerking van mense, want God werk in en deur die sosiale handelinge van mense. Die sigbare vereniging van mense in die kerk is daarom 'n teken van God se skeppende en bevrydende teenwoordigheid in die kerk (Van der Ven 1993b:47).

Die *kerk as vereniging* kan ons nooit sien as losstaande van die *kerk as gemeenskap van gelowiges* nie. Om*teologiese betekenis* aan die kerk as vereniging te gee, moet ons die kerk as gemeenskap van gelowiges gebruik as lens waardeur ons kyk. Maar dan moet ons die *kerk as vereniging* én die *kerk as gemeenskap van gelowiges* in 'n *kritiese bipolêre spanningsverhouding* tot mekaar stel sodat beide begrippe deur wedersydse kritiese nadenke aangevul en verryk kan word (vgl Heyns en Pieterse 1990:34).

Die kerk word van oudsher aangedui as *gemeenskap van gelowiges*. Dit beteken dat die gelowiges saam die kerk vorm wat gebou is op die geloof in die heil van die drie-enige God (Van der Ven 1993b:47). Om na die *sosiologiese funksionering* van die kerk te verwys, gebruik Van der Ven (1993b) dus die begrip *kerk as vereniging*. Daarteenoor word die kerk se *teologiese funksionering* aangedui deur te verwys na die kerk as *gemeenskap van gelowiges* (Pieterse 1993:161, 162).

Maar op watter manier is daar wedersydse verryking en aanvulling vanuit die *kerk as gemeenskap van gelowiges* en die *kerk as vereniging*? Daaraan gee ek vervolgens aandag.

### *2.4.4 Kerk as gemeenskap van gelowiges én as vereniging*

Om vanuit die kerk as gemeenskap van gelowiges krities na te dink oor die kerk as vereniging,

bring Van der Ven (1993b:49) drie aspekte na vore:

1. Die *direk-religieuse aspek*. Dit stel onomwonde dat die kerk as gemeenskap van gelowiges in sy sosiale verband gebou is op die geloof in God. In die term *vereniging* ontbreek die verwysing na God as die oorsprong, bron, doel en bestemming van die kerk. Die kerk se *religieuse identiteit* is juis hierin geleë. Vir die kerk as vereniging hou die term gemeenskap van gelowiges 'n fundamentele, onontbeerlike en eksplisiete aanvulling in, want daarsonder loop die kerk gevaar om gereduseer te word tot 'n sosiaal-kulturele vereniging (Van der Ven 1993b:49).
2. Die kerk se *interne sosiale struktuur*. As die kerk vir ons net 'n vereniging sou wees, dan sou die kerk as gemeenskap van gelowiges, op grond van lidmaatdifferensiasie, vir ons bloot 'n *multigedifferensieerde* begrip vorm. Maar omdat die term *gemeenskap van gelowiges* nie gedifferensieerde verfynings bevat nie, is dit 'n omvattender begrip. Daarom mag ons die verskillende kategorieë van kerklidmate nooit teen mekaar afspeel nie, want dan loop die kerk gevaar om dié wat minder betrokke is, af te skryf. As gemeenskap van gelowiges bly die kerk bewus daarvan dat die modale, rand- en dormante lede ook tot die kerk hoort, want die kerk is méér as haar aktiewe verenigingskern (Van der Ven 1993b:50).
3. *Interne betrekkinge in die kerk*. Hiervolgens kan ons die kerk as vereniging vanuit sy taakgerigtheid benader. In die kerk se taakverrigting is daar *objektiewe* (dienslewering)*; subjektiewe* (selfaktualisering); en *intersubjektiewe take* (ontmoeting, gesprek, kontak). Die kerk se taakgerigtheid kan nie alleen staan nie, maar moet vanuit die kerk as gemeenskap van gelowiges aangevul word, want die kerk se basis is interpersoonlike betrokkenheid. Die kerk word gesien as 'n gemeenskap van broers en susters omdat hulle almal saam kinders van God is. Maar die kerk word ook as 'n gemeenskap van vriende gesien. Familie kies nie mekaar nie, maar vriendskap berus weer op 'n vrye en persoonlike beslissing. Die kerk kan ook gesien word as 'n gemeenskap van metgeselle in die geloof, of 'n gemeenskap van reis-genote. Dit raak aan die kerk as liggaam van Christus

waar die organiese verbondenheid van die lede sentraal staan (Van der Ven 1993b:50).

Tot watter mate is die kerk as vereniging ‘n korrektief en ‘n verryking vir die kerk as gemeenskap van gelowiges? Van der Ven (1993b) plaas twee aspekte op die tafel.

1. Die ***vryheid in die kerk*** vanuit die kerk as vereniging herinner ons dat die samekoms van mense in die kerk ‘n *vry en outonome gebeure* is van *vry en outonome mense* wat uit eie keuse tot die kerk toetree én ook weer uittree. Op grond van hul gedifferensieerde kerklidmaatskap bepaal hulle na eie keuse hul nabyheid en afstand tot die kerk.

   Hierdie fundamentele oriëntasie van vryheid en outonomie hoort tot die wese en opdrag van die kerk as ‘n vrye gemeenskap van vrye gelowiges, want die vryheid van die Christene is ‘n gawe van God wat ons nie kan manipuleer of afskaf nie. Wanneer die intermenslike omgang deur die vryheid en outonomie van die kerk as vereniging kenbaar word, word die kerk as gemeenskap van gelowiges verryk, want dan staan die eie keuse en eie beslissing voorop (Van der Ven 1993b:51).

2. Die ***fokus van die kerk*** herinner daaraan dat die kerk as gemeenskap van gelowiges gevaar loop tot *opsluiting in homself* en tot *afsluiting van die buitewêreld*. Wanneer dit gebeur, verloor die kerk sy pelgrimskarakter, want dan wil die kerk hom langs die pad by ‘n herberg vestig (Bosch 1979:27). Vanuit ons nadenke oor die kerk as vereniging kan ons dié gevaar voorkom deur die klem te lê op ‘n *vereniging as intern gemeenskapsgerig* en ‘n *vereniging as gerig op die bonum commune*, want dan bring die kerk albei oriëntasies bymekaar.

   Vanuit die kerk as vereniging, kan die kerk as gemeenskap van gelowiges hom ekstern oriënteer na misstande in die samelewing soos ekonomiese onderdrukking, politieke oorheersing, sosiale vervreemding en die kulturele

sins-verlies wat buite die kerk plaasvind (Van der Ven 1993b: 51).[19] Dit is die taak van die kerk om nie net met homself besig te wees nie, maar om in Hoekendijk se woorde hom 'binneste-buite' te keer na die wêreld toe (Bosch 1979:18).

### *2.4.5 Klein landelike gemeentes en die institusionele van die kerk*

Die institusionele van die kerk staan in 'n groot mate voorop in die klein plattelandse gemeentes wat ek bedien. Dat dit versmorend inwerk op gemeentelede kan nóg betwis nóg betwyfel word, maar tog is daar by die jeug- en die vrouebediening die drang om as 'n lewende organisme te funksioneer.[20] Daar word vervolgens na bedieningstrukture gekyk.

## 2.5 BEDIENINGSTRUKTURE

### *2.5.1 Beginsels van strukturering*

Kerke en gemeentes kan op talle maniere gestruktureer word (Heyns 1991:206). 'n

19. Bosch (1979:28) wys daarop dat sodra die kerk vergeet dat hy nie van hierdie wêreld is nie en begin om 'n magsrol in die samelewing uit te oefen, kom daar in die kerk 'n onrus wat dikwels die vorm aanneem van selle, groepe, verenigings, sektes en dies meer as protes teen die kerk se gevestigheid. In die geskiedenis was daar allerlei korrektiewe teenstrominge soos -
    a. die *adventisme* as korrreksie op die verwaarlosing van die wederkoms-verwagting;
    b. die *pinksterbeweging* as 'n protes teen die verloregaan van die geestesgawes;
    c. die *Darbisme* en verwante groeperinge as 'n protes teen die institusionalisering en hiërargisering van die ampte in die kerk;
    d. die *baptisme* as 'n afwysing van lidmaatskap van die kerk as 'n vanselfsprekendheid;
    e. die *Marxisme* as 'n oordeel oor die verwaarlosing van sosiale geregtigheid en teen die verhemelsing van die heil; en
    f. die *Kwaker-beweging* en *Mennoniete* as kritiek op die wyse waarop die kerk deur die eeue wapengeweld en oorlog as normaal kon aanvaar.

20. Ek grond hierdie waarneming op die volgende twee praktykvoorbeelde. Tydens 'n gesprek met enkele vroue van die Christelike Vrouebediening (CVB) is die wens uitgespreek dat ek as konsulent hulle moet help om op dienslewering in die gemeenskap te fokus. Daardeur wil hulle inhoud gee aan hulle maandelikse byeenkoms. 'n Bestuurslid van die Christelike Jeugbeweging (CYM - Christian Youth Movement) in dieselfde gemeente het ook met 'n versoek na my gekom. As konsulent moes ek onderwerpe identifiseer wat hulle by hul byeenkomste as sinvolle gespreksmoontlikhede kon gebruik. By gebrek aan eie geskikte materiaal, moes ek my verlaat op McFarlane (1993) en daaruit aanpassings vir die eie situasie maak.

Kerkmodel is 'n bruikbare verwysingsraamwerk in die verstaan van jou eie kerkbegrip. Elke kerkmodel is 'n teoretiese konstruk waarmee ons uitdrukking wil gee aan 'n gemeente se bedieningspraktyk wat uit die konteks of bepaalde situasie kom. Hendriks (1992:12) is reg as hy skryf dat die Here in verskillende situasies van die kerk verskillende benaderingswyses en verskillende beklemtonings vra, want die landelike gemeentes se bedieningspatrone sal opmerklik anders daar uitsien as dié van stadgemeentes.

Ons moet duidelik onderskei tussen 'n *metafoor* as beeld of beeldspraak en 'n *model*. In die Bybel is daar talle metafore. As Dawid (Ps 23) God se sorg en ontferming wil verduidelik, gebruik hy die metafoor van die Here as herder. As Paulus aan verdeelde huisgemeentes in Korinte wil sê dat hulle in beginsel een is, mekaar nodig het en moet saamwerk omdat elkeen 'n belangrike bydrae het om te lewer, gebruik Paulus die metafoor van die kerk as liggaam. 'n Model is dus 'n uitbreiding van 'n metafoor deur dit verder te ontwikkel as wat die Bybel dit self gebruik. Ons kan dus 'n model beskryf as die prosesmatige veralgemening en ordening van die kerkbegrip binne die raamwerk van 'n Bybelse beeld (vgl Hendriks 1992:13).

Gemeentemodelle beskryf die *interne funksionering* van die gemeente in terme van verantwoordelikheid, plek van ampsdraers, en die verhouding tussen ampsdraers en gemeente (Heyns 1992b:323). Ook Hendriks (1992:14 ev) stem in wese met hierdie benadering tot modelle saam waar hy telkens 'n kerkmodel beskryf aan die hand van histories-teologiese uitgangspunte, kommunikasiestyl, kerk- en ampsbegrip, wêreldbeskouing en so meer. Die struktuur van die gemeente verwys dus na die organisering van die gemeente se interne funksionering wat deur 'n organogram uitgebeeld kan word (Nel 1994:217).

Maar geen gemeente bestaan in 'n lugleegte nie. Die kerk is deel van die samelewing. As volwaardige plaaslike kerk is die gemeente deel van die gemeenskap waarin dit bestaan. Volgens Heyns (1992b:323) is daar in die funksionering van gemeentes binne die gemeenskap drie uitgangspunte wat 'n belangrike rol speel, te wete die *territoriale* of *parogiale*; *nie-territoriale*; en *kategoriale vertrekpunte*. Dié uitgangs-punte het betrekking op die beginsel waarvolgens gemeentes én groepe in gemeentes saamgestel word. Wat dan hier van belang is, is:

3. Die *territoriale (parogiale benadering)* met vaste geografiese grense of geografiese afbakenings van gemeentes waar woonadres die gemeente bepaal waaraan lidmate behoort (Heyns 1992b:323).

4. Die *nie-territoriale benadering* wat aan lidmate 'n keuse bied vir inskakeling by gemeentes van dieselfde kerk-verband wat in 'n ander gebied geleë is.

5. Die *kategoriale benadering* waar verskillende kategorieë bepalend is vir gemeentevorming en die verdeling van groepe binne 'n gemeente. Daar is talle faktore soos die ouderdomsdifferensiasie tussen jongmense en bejaardes, gestremdes, studente van 'n sekere inrigting, professionele beroepslui, hospitaalpersoneel, weermags- en polisielede wat almal kan lei tot óf 'n kategoriale gemeente óf kategoriale groepe binne 'n gemeente. Voorbeelde van *kategoriale gemeentes* is studente gemeentes, gemeentes vir weermaglede en polisielede[21] en gemeentes vir dowes. Binne gemeentes kan *kategoriale verdeling* plaasvind op grond van belange- en belangstellingsgroepe soos omgee- en Bybelstudiegroepe, jeug-, manne- en vrouebedieninge,[22] bejaardes ens. *Kategoriale bedieninge* is nywerheids-bediening, bearbeiding van verpleegsters deur Christelike verenigings, en die bearbeiding van jongmense en studente deur die CSV (Heyns 1992b:330).

Ek gee vervolgens aandag aan die parogie as 'n afgegrensde territoriale gemeentestruktuur.

### *2.5.2 Die parogie as territoriale gemeentestruktuur*

---

21. In 1973 is die gemeente Pretoria Polisiekollege gestig vir studente en personeel verbonde aan die Polisiekollege in Pretoria-Wes wat tot die NG Kerk hoort. Dit bestaan nie meer as 'n gemeente van die NG Kerk nie en die kerkgebou word nou vir interkerklike dienste gebruik.

22. Bepaling 94 (Kerkorde en Aanvullende bepalinge 1999 Noord-Transvaal) maak voorsiening vir die Christelike Jeugbediening, die Christelike Vrouebediening, en die Christelike Mannebediening in die VGKSA. Deur hierdie drie bedieninge het die VGKSA alreeds *kategoriale groepe binne* die gemeente wat ons vir groepsbediening sinvol kan benut.

Pieterse (1991:57-62) gee 'n oorsig oor die lang ontwikkelings-geskiedenis van die parogie[23] as 'n afgebakende territoriale gemeente-struktuur. Die moderne gemeentestruktuur is nie 'n Bybelse gegewe nie, maar is 'n historiese produk (Kilian 1977:3). Parogie - afgelei van die Griekse woord *paroikia* vir *vreemdeling* (1 Pt 2:11) - is oorspronklik gebruik vir *gemeente*. Die parogie se grondbetekenis is derhalwe 'n gemeenskap van vreemdelinge sonder burgerreg (vgl Hd 13:17; 1 Pt 1:17), want die gemeentes was vreemdelinge in 'n vreemde land en sonder 'n eie plek van aanbidding (Heyns 1992b:325). Dit was dus 'n herinnering aan die kerk se eskatologiese posisie en van 'n toekoms wat elders lê (Heitink 1993:94).

Vanaf die kerk se ontstaan het die plaaslike kerk of gemeente 'n belangrike plek ingeneem (Pieterse 1991:57). Die vroeë Christelike kerke was huiskerke wat in privaathuise byeen gekom het (1 Kor 16:19; Rm 16:3 ev; Filemon 2) (Heitink1993:275). Dit sou tot aan die einde van die derde eeu voortduur. In hierdie plaaslike gemeentes is die kerk as nuwe skepping of alternatiewe gemeenskap gekonkretiseer. Hier het gelowiges saamgekom om te aanbid en fees te vier (Heyns 1992b:324), want vir hul onderlinge geloofsgemeenskap en die viering van die kerklike feeste het hulle 'n plek nodig gehad om byeen te kom (Kilian 1977:31).

In die oerkerk was daar nie gemeentes op die platteland nie. Die gemeentes het hoofsaaklik in die stede as klein huiskerke in die woongebiede bestaan. In die na-apostoliese tyd het die kerk gevestig geraak, maar eie en aparte plekke van aanbidding het nog nie bestaan nie, want die kerk sou eers in die tyd van Konstantyn eiendom wettig bekom (Heitink 1993:94). Kerkgeboue is nou opgerig, die gemeentelike lewe is gesentreer, en die plekgebondenheid van die gemeentes is beklemtoon (Heyns 1992b:325).

In die gemeente-inrigting van die vroeë Christendom moet ons onderskei tussen die Jerusalem- en die Pauliniese kerktipes. Vir die Jerusalem-kerktipe was Jerusalem die moederkerk en al

---

23. Die woord *parogie* verwys na 'n kerklike gemeente, maar is tans 'n verouderende begrip (HAT 1994, s v 'parogie'). Die woorde parogie en territoriale gemeentes word in die manuskrip as wisselterme gebruik.

die ander kerke in Judea, Galilea, Samaria en Antiochië was fililiaalgemeenskappe van die moederkerk in Jerusalem. By die Pauliniese kerktipe was daar geen moederkerk nie, want al die kerke (dié in Rome, Korinte, Filippi en elders) was op gelyke grondslag. Waar gesag en leierskap in die Jerusalemse kerk 'n historiese konnotasie gehad het deur die betrokkenheid van die Twaalf, was die charismatiese gawes die grondslag van gesag en leierskap in die Pauliniese kerke. Daar was dus nie eenvormigheid in die interne organisasie van die Jerusalem kerktipes en die Pauliniese kerke nie (Pieterse 1991:57).

Die rol van die biskop het aan die begin van die tweede eeu al sterker na vore gekom, want nou het elke kerk in 'n bepaalde stad onder die biskop se leiding gestaan. Van die Christene wat in en om sy stad gewoon het, was die biskop die pastor, asook die onbetwiste leier van die plaaslike kerk (Toon 1978:133). Die idee van een pastor vir 'n territoriale kerk of gemeente se wortels lê hier (Pieterse 1991:58).

Na die konsilie van Nicea in 325 nC het die grense van kerklike bisdomme begin saamval met die provinsiale grense van die Romeinse provinsies. Deur die politieke grense en politieke struktuur van Rome is die kerk se territoriale grense en struktuur ingrypend verander. Nou het die geestelikes se hiërargiese struktuur baie ooreengekom met dié van die amptenare in die Romeinse Ryk en die biskop se territoriale gemeentegrense is deur die staat se afbakenings geraak (Toon 1978:133; Küng 1972:54). Staat en politiek het nou parogievorming beïnvloed (Pieterse 1991:59). Gemeentes was by bisdomme ingedeel, maar duidelik afgebakende grense het nog ontbreek, want eers in die vyfde eeu sou gemeentes duideliker territoriale segmente van 'n bepaalde bisdom word. Toe het die kerk stapsgewyse ontwikkel tot klein territoriaal begrensde gemeentes (Heyns 1992b:325).

Met die koms van die plattelandse biskoppe in Noord-Afrika in die vierde en vyfde eeu, het die plaaslike gebied weer 'n rol gespeel in die kerk se strukturering. Die instelling van die *chorepiscoi* in die oosterse kerk dateer uit die derde eeu en vroeër. Deur die plattelandse biskoppe en die *chorepiscoi* wou die kerk die platteland evangeliseer, want nou het die kerk vanuit die stede na die platteland begin beweeg (Kilian 1977:4). Omdat die mense ver van die

stede gewoon het, is plaaslike kerke op die platteland gevorm waarin biskoppe aangestel is. Teenoor die stadsbiskoppe is die plattelandse biskoppe en *chorepiscoi* as minderwaardig beskou en het hulle aansien algaande gedaal. Teen die einde van die vyfde eeu het die plattelandse biskoppe weer volledig onder die gesag van die stedelike biskoppe gekom (Pieterse 1980:33).

Koning Pippyn en sy seun Karel die Grote het sedert die agste eeu die deurslag gegee vir die parogie as plaaslike gemeentestruktuur. In 765 nC het Pippyn sy ryk in tiendegebiede afgegrens en die tiendewet ingestel. Karel die Grote het die tiendewet verpligtend gemaak vir sy hele ryk. Vir die gee van tiendes en die opstel van die registers moes mense presies geplaas en territoriale afbakening van gemeentes suiwer getrek word. So is die basiese pastorale model gevestig as ‘n netwerk van kerklike gemeenskappe dwarsoor die hele Europa (Heitink 1993:94) Die plaaslike pastor was die insamelaar van die tiendes waarvan hy twee-derdes na die stadskerke moes opstuur. Omdat die landeienaars op veral die Germaanse platteland nie gretig was om so ‘n groot deel van die ingevorderde tiendes na die afgeleë hoofkerk te laat gaan nie, is al hoe meer plaaslike kerke opgerig met ‘n eie plaaslike geestelike. Nou is die tiendes teruggehou en het die parogie al hoe meer onafhanklik geraak (Pieterse 1991:60).

In die Middeleeue het klein gemeenskappe op die platteland ontwikkel rondom die meule, die bakkery en ander dienste. So het daar veral in die Germaanse gebiede ‘n plattelandse samelewing met klein dorpies ontstaan. Later is ‘n geestelike vir so ‘n dorpie aangestel. Die dorpie het ‘n redelik outonome geloofsgemeenskap geword en inmenging deur ander geestelikes is nie geduld nie (Pieterse 1980:34). So het die plaaslike gemeenskap met die kerk as middelpunt en die plaaslike pastor as geestelike leier ontstaan. In die tiende eeu was daar al meer as een territoriale gemeente in die stad. Die pastores van die parogieë het in hul bediening van die gemeentelede al hoe meer onafhanklik van die biskop geword. Nou was die biskop nie meer die stadskerk se pastor nie, maar die hoof van die pastores onder sy jurisdiksie (Kilian 1977:5).

Veral sedert die elfde eeu het die parogie sy hoogbloei in Wes-Europa beleef. Tussen geloof

en wêreld was daar ‘n groot sintese. Die wêreld-beeld was religieus bepaal, die stede was minder prominent, en die kerklike lewe het om klein lokale gemeenskappe gesentreer. Alhoewel die biskop nog in beheer was van die plaaslike parogieë, is die hele lewe van die gemeenskap saamgetrek rondom die lokale kerk met sy eie geestelike. Die parogie se kerkgebou het in die middel van die dorp gestaan. Dit was die fokuspunt van die plaaslike gemeenskap se totale geestelike en sosiale lewe, maar sedert die Renaissance en die opkoms van die Verligting het baie mense hulself geestelik losgemaak van die kerk se invloed (Pieterse 1991:61).

As reaksie op die Roomse kerk se hiërargiese kerkstruktuur en die misbruike wat in die laat-Middeleeue daaruit sou voortspruit, het die Hervormers soos Luther, Calvyn en andere groot klem gelê op die plaaslike gemeente se gesag en outonomie. Gemeentes is ook in geografies afgebakende gebiede verdeel (Heyns 1992b:327). As ‘n afgebakende territoriale gemeentestruktuur is die parogie gepas vir ‘n landelike omgewing, maar omdat die kerk deel van die samelewing is, is daar tussen kerk en samelewing wedersydse beïnvloeding (Pieterse 1991:62).

### *2.5.3 Beoordeling van bestaande gemeentestrukture*

#### *2.5.3.1 Parogiale of territoriale gemeentestrukture*

Kenmerkend van die parogiale of territoriale gemeentestruktuur is skerp afgrensing deur duidelike en vaste geografiese grense. Die parogiale gemeentestruktuur word in die gereformeerde kerkreg as die normale gesien waar elke gemeente versorg word deur ‘n eie plaaslike pastor en ‘n eie plaaslike kerkraad, want gemeentelede mag hul kerklike voorregte, versorging en dienswerk slegs binne die territorium van die plaaslike parogie beoefen (Pieterse 1982a:82).

Solank die dorp of woonbuurt klein is, bied die parogiale gemeente-struktuur ‘n goeie raamwerk vir die gemeente se bediening, maar deur verstedeliking het ons in Suid-Afrika ‘n bevolkingsdigtheid op klein geografiese gebiede begin kry. Hierop was die kerk se antwoord

tweërlei van aard. Die eerste opsie was *afstigting* van nuwe gemeentes met een leraar vir 'n relatief bearbeibare aantal lidmate, en die tweede was *meerdere bediening*. Die voordele van 'n gemeentestruktuur met een leraar is -

1. die lidmate ken mekaar en vorm 'n werklike gemeenskap, want die mense voel nie dat hulle in die massa verdwyn nie; en
2. die predikant kan in 'n persoonlike verhouding met elkeen van die gesinne tree.

Daar is ook nadele aan 'n enkelleraar gemeentestruktuur deurdat -

1. 'n klein gemeente geldelike probleme kan optel; en
2. die leraar kom in 'n magsposisie waar hy nie net die enigste besluitnemer is nie, maar ook die spilpunt van alles in die gemeente word (Pieterse 1982a:82).

'n Patroon van gemeentebediening wat dikwels in Suid-Afrika voorkom, is *afstigting-in-kombinasie*.[24] Waar die aantal lidmate te min is om 'n selfstandige gemeente te vorm, of waar lidmate in 'n gebied woon wat 'n duidelike eenheid vorm en wat nie maklik by 'n ander gemeente kan inskakel nie, kan so 'n gemeente in kombinasie met 'n ander gemeente steeds op 'n sinvolle wyse 'n gemeente vorm. Dit kan ook die voor-stadium wees van selfstandigheid as gemeente (Pieterse 1982a:83).

### *2.5.3.2 Kategoriale strukture*

In paragraaf 2.5.2 is die breë trekke van die kategoriale benadering gegee. Die gemeente is

---

24. Om een of ander rede vind die gedagte van *kombinasiegemeentes* in die VGKSA se sinode van Noord-Transvaal nie byval by gemeentes nie. Die waarskynlike rede hiervoor is dat die term *'kombinasiegemeente'* verkeerdelik verstaan sou word as dat een van die gemeentes hul outonomie moet prysgee. Die tekort aan finansies sal ons in die VGKSA dwing om in die toekoms al hoe meer na *kombinasiegemeentes* as 'n moontlikheid van gemeentewees te kyk sodat twee of selfs drie nabygeleë gemeentes 'n predikant kan deel. Al sou kombinasie-gemeentes in die kerkpraktyk realiseer, sal daar desondanks nog altyd die behoefte wees aan die opleiding van tentmakers binne die konteks van die plaaslike gemeente. In die gebiedsinode is Limpopo en Seleka in kombinasie, asook Dullstroom en Machadodorp.

‘n lewende organisme wat kan groei en kwyn (Pattison 1977:1-12). Dit leef ook in ‘n samelewing wat snel verander en waar mense ook voortdurend verander. Industrialisasie, verstedeliking en bevolkingsgroei het in Suid-Afrika eers stadig verloop, maar teen die einde van die negentiende eeu het die tempo versnel. Industrialisasie, ekonomiese ontwikkeling en die gepaardgaande verstedelikingsproses het bygedra tot snelle veranderings en bevolkingsmobiliteit (Pieterse 1991:47).

Maar bevolkingsmobiliteit is nie net agter werksgeleenthede aan nie. Mense pendel ook tussen woonoord en werkplek sodat die woonbuurt nou ‘n woonfunksie en die werkplek ‘n ekonomiese funksie kry. So word die mobiele mens losgeslaan van sy ankers, sy tradisies, sedes en kerk. Oor naweke is daar weer ‘n ontvlugting uit die stad na vakansieplekke of familie sodat mense nie by die kerk in hul woongebied uitkom nie[25] (Pieterse 1991:48).

Ons kan hierdie ontvlugtingsdenke van die moderne mens ook verstaan in terme van *differensiasie* as ‘n proses van modernisering. Die onder-skeid tussen die openbare en private domeine van menslike bestaan word skerp teenoor mekaar geëts. Tot die kern van die openbare domein of werkkring hoort die ekonomie, die wetenskap en die politiek met spesifieke doelwitte as wins, kennis en mag. Die openbare domein se verhoudings is funksioneel en saaklik. Effektiewe funksionering word hier deur burokratiese organisering verseker.

Hierteenoor staan die private domein as die wêreld van persoonlike verhoudings en kleiner netwerke. Die verskille in die twee werkkringe lei tot privatisering, want nadat mense die werkplek verlaat, vind ‘n terugtrekking na die private domein plaas. Hier is persoonlike

25. Trekarbeid onder veral swart mans is in Suid-Afrika ‘n bekende gesig. Van Rensburg (1975:346) wys daarop dat die myne voorlopers was met die gebruik van swart trekarbeiders. Vir hierdie trekarbeiders het die platteland en die tuisland tot ‘n groot mate ‘n woonfunksie verkry waarheen periodiek teruggekeer is, maar die stad met sy werksgeleenthede was die ekonomiese funksie. Pendel tussen woon- en werkplek is dus vir trekarbeiders nie ontvlugting nie, maar ‘n leefwyse wat hulle om totaal ander redes as die blankes losslaan van hul ankers, tradisies, sedes en norme. Dit is gemeensaak dat die meeste armes in Suid-Afrika op die platteland en veraf gebiede woon waar werkloosheid hoogty vier. Mobiliteit na die stede agter werk aan, is binne hierdie konteks nie vreemd nie (vgl Pieterse 2001:36 ev).

verhoudings belangrik en kan mense opgaan in 'n afsonderlike kultuur van vryetydsbesteding en stokperdjies waar mense kan ontspan en net hulself wees (Heitink 1993:36, 37).

In die lig van die voorafgaande samelewingsveranderings kry die parogiale struktuur al hoe meer 'n beperkte betekenis sodat die vraag ontstaan na kategoriale gemeentevorming. Die doel hieragter is om die kerk se bediening in die arbeidswêreld te rig op 'n sekere soort mens, soos industriewerkers, sakemanne, studente ensovoorts sodat ons die doelstellings en funksies van die kerk beter kan verwerklik sou dit binne die bepaalde kategorie plaasvind (Pieterse 1982a:83).

In Suid-Afrika bestaan daar alreeds kategoriale gemeentes, soos studentegemeentes, gemeentes onder militêre personeel, onder verpleegsters, en gemeentes vir dowes. Die bestaande kategoriale gemeentes werk goed omdat soortgenote ook op dieselfde plek woon, maar om 'n gemeente te vorm op die werkplek terwyl die mense elders woon, maak gemeentevorming by die werkplek moeilik. Verder is die arbeidsritme van die industrie sodanig dat dit nie geleentheid bied vir gemeentelike byeenkomste nie (Pieterse 1982a:84).

### *2.5.3.3 Groepbediening en gemeentelike voortbestaan*

Pieterse (1982a:84) oordeel dat daar vir die behoud van die parogiale of territoriale gemeentestruktuur grondige teologiese argumente bestaan:

1. Mense uit alle groepe word op grond van die Skrif deur *geloofsbinding* in 'n eenheid saamgesnoer (Ef 4:3-6).
2. In die Ou Testament is die *verbond* tussen God en Abraham en sy nageslag (Gen 17:7) die grondpilaar van kerkwees. Die gesin is hier die kerngedagte en die woongebied is die enigste plek waar ons die hele gesin kan bedien.

Wat blyk dan die oplossing te wees? Groepbedieninge in kategoriale groepe binne die gemeente is 'n weg te volg om tussen woon- en werkwêreld 'n kanaal te skep. Afhangende van die situasie in 'n spesifieke gemeente, kan met vrug gebruik gemaak word van Bybelstudies in die wyke, koinonia, opbou van lidmate, voortgesette onderrig na belydenisaflegging,

huweliksake, aksiegroepe binne die diens van barmhartigheid, kategese- en jeugwerkgroepe, groep-pastoraat en huisbesoek deur die leraar, maar veral deur die kerkraad (Pieterse 1982a:87; Nel 1982:93 ev).

### *2.5.4 Gevolgtrekking*

In die VGKSA se klein landelike gemeentes geld die parogie as skerp afgebakende territoriale struktuur waarbinne die bediening plaasvind en gemeentelede hul kerklike voorregte geniet. Die kenmerkende van dié klein gemeentes is dat 'n persentasie lidmate elders in die stede werk, maar steeds lidmate van hul gemeentes van oorsprong bly waarheen hulle na korter of langer periodes terugkeer. In die praktyk beteken dit dat hierdie lidmate vir maande elders is omdat hulle agter werksgeleenthede aan migreer. Uiteraard is hul betrokkenheid in die gemeente beperk tot erediensbywoning op die tye wanneer hulle weer 'n draai by die huis kom maak.[26]

Wat wel van dié gemeentes waar is, is dat die lidmate mekaar ken. Selfs as konsulent kon ek die afgelope twee jaar daarin slaag om met 'n aantal gemeentelede in 'n persoonlike verhouding te tree. Die sleutel was gewone pastorale betrokkenheid by mense in tye van siekte, dood en kleiner persoonlike probleme. Maar daar word ook baie gemaak van die doop, kerklike inseëning van huwelike[27] en die aflê van geloofs-

26. Daar bestaan nog nie 'n Christelike Mannebediening in die gemeente Witbank-Schoongezicht nie. Dit is nie weens apatie teenoor die Mannebediening nie, maar weens 'n hele paar ander redes. Ek het 'n ontleding uit die gemeentestatistiek gedoen en die volgende het toe aan die lig gekom. Op 1 Augustus 2003 was daar 39 mans lidmate in die gemeente. Die ontleding het toe só uitgeval:
    - 4 mans dien op die kerkraad;
    - **11** is permanent uit die gemeente omdat hulle elders werk;
    - **4** werk op gereelde basis elders op verskillende plekke dwarsoor die land;
    - **10** werk op gereelde basis ongewone ure;
    - 2 se werksverpligtinge is van so 'n aard dat dit hul gemeentebetrokkenheid tot bykans die minimum beperk;
    - 3 was oud en sieklik waarvan twee intussen oorlede is; en
    - 5 was weens persoonlike probleme onbetrokke.

27. Vanaf Maart 2003 tot Augustus 2004 het ek drie huwelike in Witbank-Schoongezicht bevestig en een burgerlike huwelik ingeseën. Vir die ooreenstemmende tydperk het ek geen huwelike in enige van die konsulentgemeentes bevestig nie, maar wel drie burgerlike huwelike ingeseën. Dit wil dus voorkom asof die meeste swart huwelikspare eers 'n burgerlike huwelik

belydenis as die vreugdemomente in die lewens van mense in hierdie klein gemeentes.

In die sinode van Noord-Transvaal (VGKSA) is kategoriale gemeentes onbekend. Wat wel moontlik is, is dat die bestaande jeug-, manne- en vrouebedieninge al hoe meer in groepbedieninge kan ontwikkel. Ek vermoed dat sosiale samesyn tans nog 'n groot rol in hul byeenkomste speel, maar ek sien tog in hierdie bedieninge die vroeë botsels om as kategoriale groepe in gemeentes te ontwikkel. Dit alles staaf dan die noodsaaklikheid van leierskapontwikkeling in hierdie klein gemeentes.

Ek wil vervolgens aandag gee aan die tentmakerbediening as 'n bedieningspatroon met 'n lang histories aanloop in die kerk en wat eeue se kerkgeskiedenis oorspan.

## 2.6 DIE TENTMAKER- OF DEELTYDSE BEDIENING

### *2.6.1 Agtergrond: tentmakerbediening in die NG Kerkfamilie*

Grey (1994:30 ev) wys daarop dat daar in die loop van 1989 in die Kerkbode 'n lewendige debat gevoer is rondom die tentmakerbediening in die NG Kerk. Na die een kant was daar diegene vir wie die tentmakerbediening as noodmaatreël[28] slegs in uitsonderlike gevalle toegepas moes word. Ander het weer goeie redes aangevoer dat die tentmakerbediening meer is as net 'n noodmaatreël, want deur die eeue was dit 'n aanvaarde bedieningsvorm (Heyns 1993b:220). Daarom moet dit as 'n alternatiewe vorm van bediening *naas* en *ter aanvulling van* die bestaande oorweeg word, want nóg die voltydse nóg die tentmaker-bediening kan daarop aanspraak maak om die enigste bedieningsvorm te wees. Tydens die debat het die Sinode van Midde-Afrika van die NG Kerk geoordeel dat voltydse bediening en tentmakerbediening albei hul wortels in die Skrif het en dat omstandighede 'n tentmakerbediening nodig kan maak (Heyns 1993b:217).

---

aangaan wat soms jare later kerklik ingeseën word.

28. Volgens Heyns (1993b:217) wou ds OSH Raubenheimer (sr) die tentmakerbediening nie eens as noodmaatreël aanvaar nie, want dit sou volgens hom meer probleme skep as oplos. Raubenheimer se grootste besware was oor opleiding en plaasvervanging.

### *2.6.2 Die oorsprong van die tentmakerbediening*

Volgens Kritzinger (1979:182) is die onderskeidende kenmerk van die tentmakerbediening dat predikante net ‘n gedeelte van hul werksdag aan direkte gemeentelike werk wy, want hulle doen ‘n ander werk wat hulle gedeeltelike of totale lewensonderhoud verskaf. Aan leraars in tentmakerbediening gee die gemeente dan min of geen traktement. Die naam van hierdie bedieningsvorm kom selfs uit die Skrif. Aan die Nuwe Testament is dit totaal vreemd om aan die bediening te dink net as die aktiwiteit van ‘n groep professionele beroepsmense.

Die term *tentmakerbediening* het sy oorsprong by Paulus. As apostel en prediker het Paulus die destyds bekende wêreld van die eerste eeu deurkruis om die evangelie van Jesus Christus te verkondig (Hd 18:1-4; 20:33-35;1 Kor 4:12; 1 Ts 2:9; 2 Ts 3:7-9). Om finansieel te kon oorleef terwyl hy die werk doen waartoe die Here hom geroep het, was Paulus ‘n tentmaker of leerwerker van beroep. Dit het hy vrywillig gedoen en nie omdat die gemeentes hom finansieel nie kon dra nie (vgl 1 Kor 9:18) (Grey 1994:39), maar omdat hy vir die jong gemeentes nie ‘n las in die weg van die evangelie wou wees nie (Kritzinger 1979:184). Op hierdie wyse wou Paulus sy vryheid behou om toeganklik te wees vir ryk en arm (Heyns 1993b:215).

In die kerktaal is daar nie altyd eenstemmigheid oor die betekenis van die begrip *tentmakerbediening* nie. Alhoewel dié begrip in die VGKSA gebruik word as aanduiding van ‘n deeltydse leraarsbediening, word die term *‘part-time’* of *deeltyds* deur die meeste lidmate beter verstaan. Grey (1994:38 ev) pleit dat ons pleks van dié term eerder die term *entrepreneuring*[29] moet gebruik. ‘n Klassieke tentmakerbediening beteken vir hom totaal iets anders as wat veral in die NG Kerk én ook die VGKSA (my byvoeging) as *tentmakerbediening* bekend staan. Vir predikante het daar in die kerk drie

29. Entrepreneuring is die term wat Grey (1994:51 ev) gebruik as ‘n *bedieningsmodus* en as *befondsingsmetode* om die probleem die hoof te bied van mense wat as pastores opgelei is, maar weens finansiële tekorte in gemeentes nie beroepe kry nie. Ek oordeel dat daar vir die VGKSA nog ‘n lang pad voorlê voordat ons by entrepreneuring as ‘n bedieningsmodus en befondsingmetode sal uitkom.

bedieningsvorme tot stand gekom, te wete -

1. voltydse leraars;
2. deeltydse leraars wat uit de gemeentes vergoeding kry; en
3. tentmakers na die Pauliniese model wat uit die gemeente geen vergoeding kry nie.

As rabbynse student sou Paulus ook in 'n ambag opgelei gewees het. Deur die aanwending van sy ambag as tentmaker om in sy bediening selfonderhoudend te wees, is Paulus die prototipe van die tentmaker-bediening. As ons die Nuwe Testamentiese gegewens oor Paulus se bediening noukeurig nagaan, kan ons volgens Kritzinger (1979:183 ev) sy standpunt en voorbeeld onder drie punte saambring:

4. Die apostel en ander wat voluit die evangeliebediening behartig, het die reg op onderhoud deur die gemeente (kyk 1 Kor 9:7; 14; 1 Tm 5:17-18).
5. Paulus het self van hierdie reg afstand gedoen (1 Kor 9:12; 15). Daarvoor was daar talle beweegredes (kyk Hd 18:2-4; 20:33-34; 1 Ts 2:9; 2 Kor 11:20). Om die een of ander rede was Paulus daarvan oortuig dat sy bediening skade sou lei en die uitbreiding van die evangelie gekortwiek word as hy van sy reg gebruik sou maak. Daarom was sy finansiële selfstandigheid in sy uitgebreide bediening vir hom 'n sterk beginsel (Kritzinger 1979:185).
6. Paulus het wel by geleentheid hulp aanvaar (kyk Fil 4:10; 4:15-16; 2 Kor 11:8).

In die vroeë kerk het die siening nooit bestaan dat die geestelike bediening en 'n sekulêre beroep nie kon saamgaan nie. Mense wat weens hul besondere gawes of besondere posisie ten volle deur die gemeente onderhou is, is ook nie hoër geag as die ander nie. As bedieningspatroon het die tentmakerbediening deur die eeue nooit in die kerk in onbruik geraak nie. Uit nood erken baie kerke in die wêreld vandag net die tentmakerpatroon (Kritzinger 1979:186). Daar is weer 'n nuwe belangstelling in die tentmakerbediening. Daarin word in die volgende paragraaf aandag gegee.

### 2.6.3 Nuwe belangstelling in die tentmakerbediening

Die huidige belangstelling in die tentmakerbediening is nie soseer teologies nie, maar word eerder deur ekonomiese redes gestimuleer. Die finansiële nood van die Eerstewêreldkerke en die finansiële afhanklikheid van die Derdewêreldkerke is die hoofrede wat ons verplig om weer met nuwe belangstelling na die tentmakerbediening te kyk. Weens talle kerke se finansiële probleme word die tenmakerbediening as moontlike of gedeeltelike oplossing oorweeg, toegepas of aangebied.

Derdewêreldkerke se duur Westerse kerkstrukture, groot geboue, teologiese skole, en veral voltydse pastores, maak hulle ekonomies afhanklik van die Eerste Wêreld. Dit is dan die motivering by sommige Derdewêreldkerke om veel meer van tentmakers gebruik te maak. Die Onafhanklike Kerke[30] se suksesvolle gebruik van tentmakerbedienaars is vir ons 'n goeie voorbeeld van hoe tentmakers kan funksioneer (Heyns 1993b:216).

### 2.6.4 Die tentmakerbediening in die VGKSA

#### 2.6.4.1 Die nood uit die gemeentepraktyk

Vir die VGKSA is tentmakerbediening van kritiese belang, want van die sinode van Noord-Transvaal se 96 predikante is 41 tentmakers of deeltydse leraars (kyk hoostuk 1, paragraaf 1.2.2, stelling 3). Hierdie predikante kan slegs deeltyds in gemeentes werk omdat hulle vir hul lewensonderhoud 'n ander voltydse beroep moet beoefen.

---

30. *Onafhanklike Kerke in Afrika* (African Independent Churches - AIC) kan ons in die woorde van Turner (1967:17, soos aangehaal deur Daneel 1992:207) omskryf as "a church which has been founded in Africa, by Africans, and primarily for Africans." In die benaming *'onafhanklik'* word verwys na die feit dat hierdie kerke in hul organisasie en aanbidding inderdaad onafhanklik van die Westerse sendingkerke is wat oorspronklik die Christelike boodskap na Afrika gebring het. Die term *'kerk'* dui daarop dat die meeste van die OKA se kerkleiers hul bewegings as kerke van Christus sien, en ook wil hê dat hulle as sodanig erken word. Die OKA's het sedert die begin van die 20ste eeu vinnig vermeerder en het oor die hele kontinent van Afrika opgeskiet, veral in Afrika suid van die Sahara (Daneel 1992:206). Vergelyk ook Daneel 1987:29 ev oor die Europese enkulturasie van die Derde Wêreld wat die godsdiens, asook die ekonomiese, politieke, sosiale en kulturele dimensies geraak het van die Derde Wêreld se volkere waarvan Afrika deel is. Die AIC staan onder verskeie name bekend wat dikwels gronde vir debat is (Kritzinger 2004).

### *2.6.4.2 Bepaling 19 van die Kerkorde*

Bepaling 19 van die Kerkorde en Aanvullende bepalinge vir 1999 van die VGKSA sinode van Noord-Transvaal lui so oor die tentmakerbediening:

> 19.1 Die beginsel van die tentmakerbediening, naamlik dat bedienaars van die Woord op 'n deeltydse basis diens verrig, hetsy in kombinasie met 'n ander gemeente of om persoonlik 'n byverdienste te vind, word aanvaar.
>
> 19.2 Dit word aan elke kerkraad oorgelaat om, indien omstandighede dit noodsaak, 'n skriftelike kontrak tot tentmakerbediening met sy bedienaar(s) van die Woord aan te gaan. Dit geld vir diensdoende bedienaars van die Woord sowel as nuwe beroepe.

Hierdie bepaling maak voorsiening vir 'n *tentmakerbediening* van leraars wat -

7. as geordendes voltyds in gemeentes staan en weens die gemeente se finansies genoodsaak word om hul inkomste uit ander bronne aan te vul;
8. geordende leraars wat in ander gemeentes of werke staan en spesifiek as *tentmakers* na 'n gemeente beroep word; en
9. gelegitimeerdes (proponente) wat as *tentmakers* beroep word na gemeentes en hul inkomste uit ander bronne moet aanvul.

Tentmakerleraars het dieselfde status en bevoegdheid as voltydse leraars. Al wat verskil, is hul *taakomskrywing*. Omdat hulle elders 'n byverdienste moet vind, kan hulle slegs op 'n deeltydse basis in gemeentes diens verrig.

### *2.6.4.3 Die sinode praat ook oor dié saak*

Uit die agenda, skema van werksaamhede en handelinge van die tweede algemene sinode van

die VGKSA wat vanaf 14 tot 20 April 1997 te Mooigenoeg, Bloemfontein gehou is, word die volgende aangehaal:

> ***13. Opleiding vir tentmakerbediening***
>
> Die Sinode aanvaar die beginsel dat studente wat oor 'n professionele of ander kwalifikasie beskik wat toegang tot werksgeleenthede in die ope mark bied en wat hulle met die oog op die tentmakerbediening wil voorberei, toegelaat word tot 'n verkorte opleiding van minstens 4 jaar.
>
> Die Kuratorium sal 'n verslag in hierdie verband aan die ASK voorlê, wat die implementering daarvan mag goedkeur (Agenda 1997:723).

Die ***eiesoortigheid*** van die tentmakerbediening is hierdeur erken. Daarvoor sou vir 'n ***andersoortigheid*** in die opleiding voorsiening gemaak word. Ek oordeel die sinode het hiermee die uniekheid van die VGKSA se situasie rondom die beskibaarheid van predikante ten volle begryp. Die bediening sou nou toeganklik gemaak word vir persone wat oor 'n *professionele of ander kwalifikasie* beskik. Dít sal dan die persoon se paspoort tot werksgeleenthede in die ope arbeidsmark wees.

Die bewoording *ander kwalifikasie* word nie omskryf nie. Uit die konteks kan ons die redelike afleiding maak dat dit nie noodwendig 'n sogenaamde *akademiese kwalifikasie* hoef te wees nie. Dit lyk dus asof die deur na die bediening hier oopgaan vir iemand wat oor 'n tegniese kwalifikasie beskik, of ambagsopleiding deurloop het en nou 'n gekose ambag beoefen. Dit is dan ook in lyn met 'n opkomende geslag vir wie professionele vaardighede lank nie meer net in akademiese suksesse setel nie, want "the old definition of professionals (doctors, lawyers, clergy) has been changed to include professional painters, professional truck drivers, professional mechanics and so forth" (Anderson 1990:94). Die vraag is nie meer wat jou kwalifikasies is nie. Die vraag is: "Can he or she do the job?" (Anderson 1990:46).

Met Paulus (Hd 18:2-4) as voorbeeld sou ons agendapunt 13 só kon verduidelik:

10. Van ***beroep*** was Paulus 'n ***tentmaker***. Bedags het Paulus soos enige hedendaagse ***professionele mens*** (onderwyser, prokureur, rekenmeester), ***tegnikus*** of ***ambagsman*** (motor-werktuigkundige, skrynwerker, messelaar) gewerk (vgl. ook Van Rooy 1972:115).
11. Elke Sondag was hy van ***beroep*** weer 'n ***apostel*** en ***prediker*** (Grey 1994:38).

Paulus het dus tente gemaak om geldelik vir homself te sorg sodat hy die werk kon doen waarvoor die Here hom geroep het. Dit het Paulus vrywillig gedoen (Grey 1994:39). In die VGKSA sal ons moet onderskei tussen *deeltydse leraars* wat vergoeding uit die gemeente ontvang, en *Pauliniese tentmakers* wat uit die gemeente geen of weinig vergoeding kry. Tussen die Pauliniese gemeentelike konteks en dié van die VGKSA se klein landelike gemeentes is daar raakpunte. Al kan daar nooit totale identifikasie wees nie, blyk dit dat die Pauliniese verstaan van die tentmakerbediening binne daardie konteks tog meriete het vir die huidige situasie waarin klein landelike gemeentes van die VGKSA hulself bevind (vgl Pieterse 1986:3).

### ***2.6.5 Legitimasie in uitsonderlike gevalle***

#### ***2.6.5.1 Standpunt van die algemene sinode (VGKSA)***

Van belang vir hierdie studie is die volgende reglement:

> ***10. Reglement vir die legitimasie van kandidate wat nie die nodige teologiese opleiding ontvang het nie***
>
> 'n Lidmaat van die VGK wat nie die volledige opleiding ontvang het nie, kan in *hoogs uitsonderlike gevalle* aansoek doen om legitimasie mits aan die volgende voldoen is:
>
> 1. 'n Meerderheidsaanbeveling deur die ***kerkraad*** van die gemeente waarin hy/sy woon met duidelike opgaaf van redes by die betrokke ring.

2. ‘n Meerderheidsaanbeveling met opgaaf van redes deur die ***ring*** by die betrokke streeksinode.
3. Na goedkeuring deur die ***streeksinode***, ‘n deeglike ondersoek na sy/haar kennis van die Skrif en preekvermoë deur die ***eksamenkommissie*** van een van die teologiese inrigtings in die VGK.
4. ‘n Eenparige aanbeveling van die eksamenkommissie by ‘n ***kuratorium*** wat sal beslis of die persoon onmiddellik gelegitimeer sal word of eers ‘n teologiese opleiding van korter of langer duur sal moet deurloop.
5. Na legitimasie sal daardie kandidate binne die ***streek-sinode*** wat hom/haar goedkeur ressorteer totdat die algemene sinode anders besluit (Agenda 1997:761). (Beklemtonings myne)

### *2.6.5.2 Stemme uit die voorlopers van die VGKSA*

Die moontlikheid om gemeenteleiers in hoogs uitsonderlike gevalle op grond van bewese singuliere[31] gawes as predikante toe te laat, was ‘n erkende praktyk in beide die voormalige NGSK en die NGKA as kerke van gereformeerde oorsprong en belydenis. Ek haal die betrokke Bepalinge aan:

Die Kerkorde (1986) van die Ned. Geref. Sendingkerk in Suid-Afrika se Artikel 6 lui so en is ook in die praktyk toegepas:[32]

**Artikel 6: Singuliere gawes** (NGSK, Kerkorde van 1986)

---

31. Die woord *‘singulier’* dra onder andere die betekenis van sonderling, seldsaam of buitengewoon en word as ‘n *ongewone* woord aangedui (Groot Woordeboek 1997, s v ‘singulier’; Major Dictionary 1997, s v ‘singular’). Ek gebruik die woord hier binne die konteks van kerktaal met die betekenis van *sonderlinge* of *buitengewone gawes* soos wat die leraarsamp sou vereis.

32. Ds Johan Beukes, emeritusleraar van die gemeente Rustenburg-Karlienpark, is deur die voormalige NGSK op singuliere gawes in 1986 tot die bediening toegelaat. Volgens ds J C Vermeulen, emeritusleraar van die NGSK se gemeente Pretoria (Eersterust) en wat betrokke was by ds Beukes se toelating, het laasgenoemde met groot vrug en onderskeiding die gemeentes Rustenburg-Karlienpark en Brits bedien (Vermeulen 2004).

*6.1 Beoordeling*

Daar kan van die reël dat 'n deeglike teologiese opleiding 'n vereiste is slegs afgewyk word as oortuigend blyk dat iemand oor die gawes beskik wat vir 'n bedienaar van die Woord onmisbaar is en dat hy ondanks die gemis aan sodanige opleiding in staat is om die gemeente met stigting te dien. Onder hierdie gawes word in besonder gestel die gawes van godsvrug, ootmoed, wysheid en geestelike onderskeidings-vermoë om op duidelike en opbouende wyse die evangelie te verkondig.

*6.2 Prosedure*

So 'n persoon meld hom met die nodige gestuigskrifte van die kerkraad van die gemeente waar hy optree en die Ring waar-onder die gemeente ressorteer by die sinode aan. Die sinode doen 'n grondige ondersoek na sy leer en lewe en bekwaamhede en beslis of hy hom by die betrokke kommissie mag aanmeld vir die eksamen waarvoor die sinode die vereistes vasstel (Kerkorde 1986:3).

Bepaling 6.4 van die Kerkorde (1991) van die streeksinode van Noord-Transvaal (NGKA) staaf die voorafgaande. Ek haal die bepaling aan:

**6.4 Uitsonderlike gevalle:**

'n Lidmaat van die Ned. Geref. Kerk in Afrika wat nie die nodige teologiese opleiding deurloop het nie, kan in hoogs uitsonderlike gevalle gelegitimeer word, mits aan die volgende voldoen is:

6.4.1 'n Eenparige aanbeveling deur die kerkraad van die gemeente waarin hy woon met duidelike opgaaf van redes by die betrokke ring.

6.4.2 Die eenparige aanbeveling met opgaaf van redes deur die ring aan die eksamenkommissie.

6.4.3 Die eksamenkommissie sal na deeglike ondersoek die streeksinode adviseer (Kerkorde 1991:34).

Ons het hier 'n moontlikheid van toelating tot die bediening wat al 'n pad in die Kerk kom en

‘n oplossing kan wees vir die unieke probleme van klein landelike gemeentes in die VGKSA. Dié benadering dra ook die moontlikhede tot eiesoortige kurrikulering wat die kontekstuele behoeftes verreken van daardie gemeentes wat meestal in armoede vasgevang sit. Die aangehaalde reglement en bepaling van die VGKSA se algemene sinode (1997) beskik oor ‘n werkbare keuringsproses wat op grondvlak begin en deur die ring tot by die streeksinode uitkom. Daarteenoor het die voormalige NGSK se bepaling ook pertinent gefokus op die besondere gawes wat ons by so ‘n kandidaat moet soek.

‘n Keuringsproses sonder keuringskriteria is ondenkbaar. Maar saam met die keuringskriteria moet daar ook duidelike prosedurele riglyne vir die voorlê van aansoeke wees. Ons sal aan beide prosedures en keuringskriteria moet werk, anders word die *hoogs uitsonderlike gevalle* weer so ‘n hoë drumpel dat haas niemand daaroor kan kom nie.[33] Die moontlikheid van *organisasiepolitiek*, *beroepsjaloesie* en *akademiese snobisme oor kwalifikasies* sal hierin ook in die oog moet kom.

Die winspunt van dié benadering tot pastorwees is die erkenning van die charismata as werking van die Gees vir die toerusting van die gemeente. Deur die diakonia moet die toegeruste gemeente weer gerig wees op dienslewering na *binne (intensief)* en na *buite (ekstensief)*, want die een kan nooit sonder die ander bestaan nie (Nel 1994:31). Daarom sien Nel (1994:31, 45) - op grond van 1 Korintiërs 12:4-6 - die gawes (*charismata*) en die dienste of bedieninge (*diakonia*) as wisselterme.

Die pad na die bediening deur reglement 10 (VGKSA se algemene sinode van 1997) sou uiteraard net vir ouer persone in ‘n gemeente geld. Daarom durf ons dit nooit sien as ‘n wegdoen met akademies hoogs geskoolde leraars, of dat dit ‘n konkurrent vir laasgenoemde word nie. Ons moet dit eerder sien as ‘n bedieningsvorm met ‘n bestaansreg eie aan die Bybel wat reg wil laat geskied aan die besondere konteks of situasie van die plaaslike gemeente met

32. Volgens ds Beukes was hy sedert 1857 tot 1986 (129 jaar) die enigste persoon wat in die NGSK op grond van *singuliere gawes* tot die bediening toegelaat is. Na sy toelating is vyf ander aansoeke voorgelê, maar dié het blykbaar weens gebrekkige voorleggings misluk (Beukes 2004).

sy eiesoortige behoeftes. Vervolgens word daar gekyk na die winspunte en die nadele van die tentmakerbediening.

### *2.6.6 Die tentmakerbediening: winspunte en nadele*

#### *2.6.6.1 'n Waarskuwing en 'n bemoedigende woord*

Soos in enige ander saak is daar ook in die tentmakerbediening voor- en nadele. Grey (1994:37) wys daarop dat dr Talbot Sadler, 'n kenner van die Kerkreg en wat by die sitting van die Algemene Sinode in Bloemfontein (1990) tot aktuarius herkies is, hom ondermeer in sy gereelde Kerkreg-rubriek só oor die tentmakerbediening sou uitlaat:

> Die tentmakerbediening leen hom vir baie misbruike, van die kant van die gemeente teenoor die predikant of andersom. Om dit te voorkom, moet daar 'n behoorlike ooreenkoms tussen die kerkraad en die predikant opgestel word en elkeen moet sorg dat sy kant behoorlik nagekom word. Ook die ring het hierin 'n groot verantwoordelikheid om toe te sien dat sowel die letter as die gees van die tentmakerbediening nagekom word. Indien ringe hierdie duur verantwoordelikheid nie nakom nie, hou tentmakerbediening die potensiaal in om tot groot skade vir die evangeliebediening te ontwikkel. Aan die ander kant bied dit ook die *moontlikheid dat bediening met vrug voortgesit kan word in 'n gemeente* waar dit andersins vanweë finansiële tekorte gestaak sou moes word. (My kursivering).

#### *2.6.6.2 Voordele van tentmakerbediening*

Heyns (1993b) lys die volgende as voordele:

6. Finansieel swakker gemeentes hoef hul selfstandigheid nie prys te gee nie.
7. Opgeleide persone wat tans in ander beroepe staan, kan as tentmakers sinvol betrek word.
8. Persone wat reeds as leiers onderskei is, kan as tentmakers opgelei word. Dit

verseker die opleiding van geskikte persone. In baie kerke het die bediening ‘n professie geword. Weens die lang opleiding moet voornemende pastores reeds op ‘n jong leeftyd met baie min lewens- en kerklike ervaring besluite neem wat hul persoonlike en kerklike lewe ingrypend raak.

9. Opleiding as tentmakerbedienaar impliseer nie dekking van die volle teologiese veld nie, want tentmakers behoort opgelei te word vir bepaalde dienswerk.
10. Die amp van die gelowige sal veel meer tot sy reg kom. Al word die belangrikheid van die amp van die gelowige en die bruikbaarheid van die lidmaat teologies aanvaar, kom dit in die kerklike praktyk nie tot sy reg nie. Die bestaande bedieningspatroon van voltydse betaalde geestelikes is deels hiervoor verantwoordelik (Heyns 1993b:218).
11. Die opleiding van ryper en geestelik meer ervare persone as tentmakers kan ‘n teenvoeter wees teen die beswaar van sommige senior manlike lidmate in die swart kerke dat dié kerke die *kerke van seuntjies* is omdat hulle hoofsaaklik jongmense oplei (Van Rooy 1972:115).
12. Tentmakerbediening verander die verhouding tussen pastor en gemeente en dat tentmakers dieselfde vryheid beleef as Paulus (1 Kor 9:19), want teenoor hulle het gemeentes nie ‘n vergoedingsverpligting nie, maar hulle lewer dienswerk omdat Christus se liefde hulle dring (Heyns 1993b:222).
13. Tentmakerbediening oorbrug ook die kloof tussen kerk en wêreld, want die tentmakerbediening bevorder ‘n deur-lopende verkeer tussen kerk en wêreld - God se wêreld waarin die kerk diens moet lewer (Heyns 1993b:219).
14. Teenoor tentmakerleraars wat die wêreld ken waarin hul lidmate leef, lei ‘n voltydse pastor in sekere opsigte ‘n beskermende lewe (Heyns 1993b:223).

#### *2.6.6.3 Nadele van tentmakerbediening*

In die tentmakerbediening moet ons met die volgende rekening hou:

1. Ons moet deeglik onderskei tussen *tentmakerbediening* en *deeltydse professionele werkers*. Tentmakers ontvang geen vergoeding vir hul

dienste nie, terwyl deeltydse werkers wel vergoed word.

2. Waar 'n tentmaker en 'n voltydse pastor saam in 'n gemeente werk, kan die gedagte by die gemeente ontstaan dat die een werk omdat hy moet en die ander een omdat hy wil. Vir die voltydse pastor sou die bediening neerkom op 'n beroep, terwyl dit vir die tentmaker dan 'n roeping sou wees.
3. Word tentmakers wel vergoed, word hulle ***deeltydse werkers*** wat maklik gesien word as die assistent en ondergeskikte van die voltydse pastor sodat 'n gemeente of gemeentelede so iemand as minderwaardig beskou.
4. Waar tentmakers wel vergoed word vir hul dienste, ontstaan die vraag waarom ander *'tentmakers'* soos ouderlinge en diakens vir hul dienste nie ook vergoed word nie. Die oplossing lê daarin om na dié pastores wat vergoeding ontvang nie as tentmakers te verwys nie, maar eerder as deeltydse professioneles.
5. Tentmakers kan maklik met werk oorlaai word, veral in gemeentes waar een of meer tentmakers 'n voltydse pastor vervang.
6. Waar 'n gemeente bedien word deur 'n voltydse pastor en 'n tentmaker, of deur 'n paar tentmakers, moet die onderlinge verhoudings, pligte en verantwoordelikhede van elk duidelik omskryf word.
7. Indien iemand deur en deur as tentmakerbedienaar na die Pauliniese model in 'n gemeente werk, moet 'n sekere vorm van erkenning aan so 'n persoon oorweeg word. Ordening en bevestiging as pastor in die gemeente moet 'n moontlikheid wees (Heyns 1993b:223). Maar ons sal daar-teen moet waak dat dié soort tentmakerleraars nie weer gesien word as *goedkoop* of *halwe leraars* nie - soos wat dit in die voormalige NGKA met evangeliste die geval was (vgl Kritzinger 1979:20).
8. As kerk- en bedieningstrukture nie tydlose waarhede is nie, maar histories uit die samelewing ontstaan en vir 'n *eie kontekstuele toepassing* vra (Heyns 1986:39, 42), sal die kerk met die verlening van predikantstatus minder snoep moet wees (Grey 1994:53).

Ons kan die nadele van die *deeltydse bediening* as 'n bedieningsmodus vir beide leraar en gemeente nie ontken nie, want talle leraars is weens hul werksomstandighede net naweke beskikbaar vir die gemeentes waarin hulle dien. Tog is hierdie 'n uitweg vir gemeentes om 'n eie leraar te hê, terwyl dit weer aan leraars die geleentheid bied om hul roeping ten minste deeltyds uit te leef (Louw 2004). Dit sou eweso kon geld vir bewese gemeenteleiers wat, na die model van Paulus, as *tentmakerleraars* toegelaat word. Ek gee vervolgens aandag aan opleiding vir die tentmakerbediening.

### *2.6.7 Opleiding vir tentmakerbediening*

Tereg wys Heyns (1993b:224) daarop dat as die tentmakerbediening slegs van *reeds opgeleide persone* gebruik gaan maak, is opleiding nie 'n probleem nie. Ook Grey (1994) se benadering tot entrepreneuring gaan uit van die *reeds opgeleide persoon* vir 'n bediening in die kerk. Die fokus van hierdie studie is anders. Hier is die konteks die klein en dikwels finansieel arm landelike gemeentes waarvan 23 in die sinode van Noord-Transvaal (VGKSA) sonder 'n eie predikant is (kyk hoofstuk 1, paragraaf 1.2.2 stelling 6). Dit noop die VGKSA om indringend te kyk na die tentmakerbediening soos geskoei op die Pauliniese model. Van dié soort tentmakerbediening sal leierskapontwikkeling 'n integrale deel moet uitmaak. Die VGKSA kan met vrug gebruikmaak van reeds bestaande programme. Ek meld hier slegs twee van talle moontlikhede, naamlik -

1. die Nehemia Bybelinstituut (NBI); en
2. die Ikhwezi Theological Seminary (ITS) as breinkind van die sinode van KwaZulu-Natal (VGKSA). Beide die NBI en die ITS se studiemateriaal en ontwikkelingsprogramme is deur die Universiteit van Pretoria se Fakulteit Teologie aanvaar as deel van hul uitgebreide teologiese opleiding (Coetzee 2004; Kriel 2004). Die verslag oor die *Ikhwezi Theological Seminary* het voor die Sinodale Kommissie van die VGKSA se sinode van Noord-Transvaal gedien tydens die sitting van 27 tot 29 September 2004 te Mamelodi.

Heyns (1993b:224) is in die kol as hy die onafwendbaarheid van die tentmakeropleiding vanuit twee gesigspunte motiveer.

1. Omdat pastorwees al hoe minder 'n voltydse professie sal word, sal ons meer tentmakers moet oplei, want al hoe minder jongmense sal hulle vir voltydse bediening aanmeld.
2. Die kerk kan die doeltreffende aanwending van lidmate met besondere gawes nie langer nalaat nie.

Tentmakeropleiding sal die volgende vereistes moet verreken :

1. Tydens en na opleiding moet tentmakers kan voortgaan om hul sekulêre beroepe te beoefen;
2. die VGKSA sal 'n eie teologiese opleidingsprogram deur ekstensie soortgelyk as TEE moet ontwerp;
3. opleiding moet so ver moontlik kontekstueel wees om te verseker dat 'n persoon in 'n spesifieke situasie vir 'n bepaalde dienswerk opgelei word;
4. tentmakeropleiding moet gedesentraliseerde opleiding wees, want ons moet dit na studente in hul natuurlike verbande neem (Heyns 1993b:224);
5. daar moet 'n konsentrasie op die Skrif wees om daarin die werklike boodskap vir ons tyd te vind;
6. vir die relevante verkondiging van die evangelie moet ons noukeurige aandag gee aan die behoeftes van die gemeente en gemeenskap; en
7. skoling in die beginsels en tegnieke van die kleingroep-bediening (vgl Kritzinger 1979:207).

### *2.6.8 Pauliniese tentmakermodel as versoeningsmodel*

Vir die opleiding van tentmakers in die VGKSA vir 'n bepaalde dienswerk sonder om die volle teologiese veld te dek, sal die kritiese vraag dus wees: "Should we train men and women to be ministers whom the churches ***want*** to have, or to be ministers whom we believe they ***ought*** to have" (Amirthan 1977:54, soos aangehaal deur Kritzinger 1979:67). Die kerk sal altyd

akademies hoogs geskoolde leraars nodig hê, maar dan moet ons rekening hou met twee belangrike sake.

1. Die *eiesoortige bedieningsbehoeftes* van klein plattelandse gemeentes wat deur armoede gekniehalter word.
2. Akademies hoogs geskoolde leraars se *verwagtings* wat binne die klein landelike gemeentes se konteks van armoede moeilik realiseer (vgl Kritzinger 1979:207).

Die opleiding van predikante as tentmakers binne hul gemeentelike opset na die Pauliniese model wil juis behoeftes en verwagtinge met mekaar versoen, want dit is verwagtinge en behoeftes wat vanuit n bepaalde bedieningskonteks ontstaan. Hiervoor is nodig 'n kritiese dog positiewe instelling teenoor die bestaande kerklike praxis soos dit ingebou is in die beoefening van die praktiese teologie as 'n teologies-kritiese teorie (Pieterse 1981: Voorwoord).

## 2.7 SAMEVATTING

My bediening as pastor is gerig op klein landelike gemeentes. In hierdie hoofstuk wou ek vanuit bepaalde teoretiese vertrekpunte die bediening en bedieningstrukture spieël soos dit in klein landelike gemeentes konkreet gestalte kry en soos ek dit die afgelope drie jaar kon waarneem. Omdat die institusionele van die kerk hier dikwels voorop staan, laat dit geen of min ruimte vir die ontwikkeling en groei van die gemeentelede. Dit is fataal, want enige organisasie se kosbaarste bate is mense. Vir die gemeente geld dit eweso. Daarom sal die kerk as rentmeester hieraan dringende aandag moet gee.

Onder die jeug en vroue is daar die drang om hulle byeenkomste anders te struktureer. Bybelstudies, bespreking van relevante onderwerpe en kleinskaalse projekte vir gemeenskapsbetrokkenheid is al geopper. Dit is as vroeë botsels die verblydende tekens van 'n sosiale bewussyn om vanuit die gemeenskap van gelowiges vir hul omgewing lig, sout en suurdeeg te wil wees. Om hierdie vroeë botsels tot wasdom te bring, vra dat die bestaande bedieningstruktuur sal verander, want "die nuwe wyn moet in nuwe velsakke kom." Dikwels

lei verandering tot weerstand omdat dit as ‘n aantasting van die gemeente se identiteit vertolk kan word (Carrol et al. 1986:14). Daarom moet verandering tot beswil van die gemeente bestuur word. Binne hierdie verandering van die bedieningstruktuur is daar juis plek vir die tentmaker na die Pauliniese model, want dan is dit ‘n pastor wat “uit die gemeente vir die gemeente” kom (vgl. Autry 2001:9).

In hoofstuk 3 kom ‘n prakties-teologiese ekklesiologie aan die bod.